(E)
Pam2

# Lewensgeskiedenis

van Komdt.-Genl.

# J. I. J. Fick

Veroweraar van die Verowerde Gebied.

DEUR

H. N. CONRADIE

MET 'N VOORWOORD

VAN

MNR. S. H. PELLISSIER.

*Direkteur van Onderwys, Oranje Vrystaat.*

FIC

Courant D. & U. Mpy., Ladybrand—x3439

Africana - Kamer
Pam II FIC
P. 64/379

UNIVERSITAS
Pectora roborant cultus recti
STELLENBOSSIENSIS
E DONO
G.J. JOUBERT

PRO EC.

# De Villiers & Beck,

**P.K. Bus II, FICKSBURG,**

Prokureurs, Notarisse, Transport-uitmakers, Goewts. Taksateurs, Boedel en Algemene Agente, Afslaërs, ens.

---

**Maandelikse Vee Vandiesies te Ficksburg elke 3e VRYDAG van die maand.**

---

AGENTE VIR

Lewens- en Brand ; Motor en ander Assuransies.

Agente vir „Die Volksblad," „Friend," ens.

# AANDAG !

**Kry die BESTE WAARDE vir u geld.**

Laat u portret neem by die Afnemery waar alle werk gedaan word deur alleen gekwalifiseerde persone.

**Enkelpersoon, .Trougroepe, Familie en Sportsgroepe, Kinderportrette 'n Spesialiteit.**

DIE ENIGSTE TWEETALIGE AFNEMERy.

# Kress-Studio,

**Bus 610. 67 Maitland Straat, BLOEMFONTEIN.**




**(van Basoetoe Mitologie.)**

Die Bosoetoes glo dat vammelewe het 'n groot dier die helfte van hulle nasie ingesluk. Lank daarna het 'n sekere jong kaffer die dier doodgemaak en oopgesny. Toe kom al die mense lewendig uit en hulle het hom hulle kaptein gemaak.

## DIE GENESING VAN MAAG-KWALE.

Daar is Maag-Kwale van verskeie grade van ernstigheid en gevaar. Hulle kan min of meer verdeel word volgens die drie grade hier aangegee.

**EERSTE GRAAD** :—Slegte - spysvertering, hardlywigheid, sooibrand, leweragtigheid, winde, galagtigheid, pyn na ete, suur —hierdie is meestal tekens van Swak-maag en hulle is geneesbaar deur DR. HEINZ MAAG DRANK en die gebruik van 'n degelike diëet, Met elke bottel van die Maag Drank is daar een dosie Dr. Heinz Maag Pille ingesluit vir mense wat aan trage slegte opelyf ly.

**TWEDE GRAAD** :—Galstene, sere in die maag (Gastric Ulcer), Lewerkwaal, Aambeie (inwendig en uitwendig), Verstopping van die ingewande, en Appendicitis. Hierdie kwale is almal siektes wat veroorsaak is deur die verwaarlosing van die tekens van Graad I. Hulle het almal spesiale behandeling gelyktydig nodig met die aanhoudende gebruik van Dr. Heinz Maag Drank.

**DERDE GRAAD** :—Kanker van die Maag-Krop of Ingewande Suikersiekte, kwaad in die Grootderm (Colitis), ens. Hierdie siektes is ongeneesbaar, maar die Maag Drank is 'n absolute voorbehoedmiddel vir hulle as 'n mens dit vroegtydig gebruik Dit gee ook verligting en beterskap by die siektes self.

**Geen verstandige mens behoort aan 'n medisyne te glo as hy nie weet wat die uitwerking van die medisyne is nie.**

## DR. HEINZ MAAG DRANK

werk op die volgende manier: (1). Dit verbeter die voedsel in die maag. (2) Dit het 'n besliste versterkende uitwerking op die vlies van die Maag en Ingewande. (3) Dit herbou die kliere van die maag wat die Spysverterin sappe uitgiet. Dr. Heinz Maag Drank is verkrygbaar by aptekers en winkeliers wat medisyne aanhou—ook by alle takke van Lennon Bpk., of direk van die fabriek vir 5s. 6d. per bottel posvry.

Vir spesiale raad en medisyne vir die bostaande siektes moet persone direk skryf met alle besonderhede.

## Noorwood Coaker,

**Fabrikant Apteker, P.K. Bus 89, Ladybrand.**

**L.W.—Dr. Muller's Appendicitis Cure is al bekende raad wat Blindedermontsteking genees sonder operasie.**

# G. A. Fichardt, Bepk.

OPGERIG 1848.

**'n Belangrike Besigheid in 1848 –**

**Die Belangrikste Besigheid Vandag !**

WAT beteken ons verbasende ontwikkeling vir u? Eenvoudig dit, deur andere te dien maak ons profyt en om goeie profyt te maak moet ons goeie diens gee. Ons sukses bewys ons waarde beter as enig ander argument. Dit het geskied deurdat ons absoluut tevredenheid gegee het, en die beste waarde in Afrika. Dit sal vir u ook voordelig wees om ons te probeer.

**Elke Poskantoor is 'n Tak van hierdie Winkel.**

Distansie verhinder nie die goeie waarde wat ons gee. Ons is die grootste posbestelling besigheid in die Vrystaat, en alle bestellings deur die pos word sorgvuldig behandel as of u persoonlik inkom om te koop.

DEPARTEMENTE :

**Algemene Draperie, Hoede, Kouse, Stewels en Skoene, Sagte Stofferings, Kleremakery, Algemene Kruideniersware, Ysterware, Meubels, Tapyte en Vloerkleedjies, Breekgoed, Speelgoed, Produkte en Landboubenodighede.**

O.V.S. Agente vir :

DIE OLIVER CHILLED PLOW WORKS, BEPK.

en

LLOYD'S „AERMOTOR" SELFOLIE WINDPOMP.

Sub-Agente vir :

**"His Master's Voice" Grammofoons en Plate.**

## G. A. FICHARDT, Bpk.,

**Die Algemene Voorsieners,**

**Posbus 242, :-: BLOEMFONTEIN.**

PROBEER

**LIONEL I. ISRAEL, Ficksburg, O.V.S.**

EERS.

Hy hou 'n groot voorraad van die nuutste en die deftigste

**Hoedemakery, Draperie, Uitrusting, ens.**

**Kruideniersware teen Spotgoedkoop Pryse.**

LEES

# „Huis en Haard"

die enigste Afrikaanse Literêre Tydskrif in die Vrystaat.

(*Orgaan van die Afrikaanse Studentebond*)

Boeiende Romans. Gedigte. Grappies.

Geskiedkundige en Opvoedkundige Artiekels.

Kookkuns. Mode. Afdeling vir Kinders.

**10/- per jaar. 10d. per eksemplaar.**

Spesiale Afslag op Intekengeld waar „Huis en Haard" vir bona fide skoolgebruik bestel word.

**Stuur een pennie posseël vir 'n proefeksemplaar.**

MEDEWERKERS IN AL VIER PROVINSIES.

**TEKEN IN.** U sal nie teleurgestel wees nie.

UITGEWERS:

Courant D. & U. Mpy.,

**Posbus 102. LADYBRAND. Foon 19.**

# Die Laaste Eer

wat ons aan ons dierbare kan bewys is om 'n gedenksteen op hulle graftes te sit en also hulle nagedagtenis te bewaar vir die nageslag.

Laat my toe om u te help dié eer te bewys deur werk te doen wat die tyd kan weerstaan en ook teen die goedkoopste pryse.

Ek maak enige soort **Monument of Grafsteen van Marmer, Graniet of pragtige Harde Klip.**

Billike terme kan gegee word. Eikehout en ander kiste, asook kranse onder glas altyd op hande.

Skryf vir pryse en portrette aan

**W. J. HENNING,**

**Bus 41, CLOCOLAN.**





# Victor Tooth,

Algemene Handelaar,

Graan en Produkte Koper.

DIE WINKEL VIR

**KWALITEIT en GOEIE BEDIENING.**

**Telegramme : "TOOTH."** **Foon 1.**

**EXCELSIOR.**

# LEWENSGESKIEDENIS

VAN

# Komdt.-Genl. J. I. J. Fick

Veroweraar van die Verowerde Gebied.

DEUR

## H. N. CONRADIE

MET 'N VOORWOORD

VAN

## MNR. S. H. PELLISSIER,

Direkteur van Onderwys, Oranje Vrystaat.

Oorgedruk uit „**Huis en Haard**," die enigste Afrikaanse Literêre Geïllustreerde Tydskrif in die Vrystaat, deur die

COURANT D. & U. MPY.,

**POSBUS 102.** **LADYBRAND, O.V.S.**

# VOORWOORD.

———o———

Die algemene geskiedenis van Suid-Afrika is in hooftrekke al tamelik goed beskrywe, maar in elke provinsie is daar baie distrikte, waar in die vorige eeu, by een of ander geleentheid, 'n episode plaasgevind het, wat vir die onmiddellike omgewing en tot 'n sekere mate en in sekere opsigte vir die hele land van groot belang is. Dikwels is daar net een of twee bejaarde persone wat met die feite van die episode bekend is en as nie gou gemaak word nie sal die kanse om die feite te versamel vir altyd verby wees.

Meneer Conradie het goeie gebruik gemaak van die tyd, wat hy op Ficksburg as onderwyser deurgebring het, want die oudste seun van Genl. Fick wat met sy vader al die oorloë deurgemaak het en wat baie informasie vir hierdie boekie verskaf het, is reeds al oorlede. Ander ou mense wat hy geraadpleeg het, soos Oom Andries Olivier, Oom Dawie de Villiers, is ook reeds in die graf. Net in tyd is die insameling gemaak of die awonture en loopbaan van die held na wie Ficksburg heet, sou altyd onvolledig of miskien gladnie bekend gewees het nie.

Ek hoop dat in elke distrik waar daar bejaarde persone is wat bekend is met die vroeë geskiedenis van die omgewing, een of ander persoon, liefs die Geskiedenisonderwyser van die dorp, wat die beste gebruik van sekere ingesamelde informasie kan maak, die voorbeeld van Meneer Conradie sal volg en dadelik te werk sal gaan voor dit te laat is.

Sulke boekies, wat plaaslike gebeurtenisse aanpas by die geskiedenis van die land, is van groot waarde vir die algemene geskiedskrywer; maar hulle is van groter waarde waar hulle aan die streek, waar die rolle wat hulle beskrywe gespeel is, die geskiedenis van die onmiddellike omgewing leer.

Dit was nog altyd die neiging in ons land om met die dinge wat ver weg is of wat ver weg gebeur het te begin en dan mettertyd altyd nader en nader aan die huis van die kind te kom. Dit behoort net andersom te wees. 'n Studie van die berge, riviere en ander prominente dinge in die omtrek behoort die eerste aardrykskunde, en die inhoud van 'n boekie soos hierdie, wat die verlede van die omgewing beskrywe, behoort die eerste geskiedenis van elke kind in ons skole te wees.

Met groot genot het ek hierdie boekie gelees en hoop van harte dat hy aan sy doel sal beantwoord: Daardie dele van die verowerde gebied waarin Generaal Fick hom beweeg het en vernaamlik die distrik Ficksburg behoort met ope arms hierdie boekie te verwelkom en die skrywer hulle dank te betuig vir die groot diens wat hy aan die distrik in die besonder en aan ons provinsie en ons land in die algemeen bewys het.

In die verowerde gebied behoort die inhoud van hierdie boekie bekend te wees aan elke kind wat die laer skool verlaat en elke onderwyser(es), wat waarlik besiel is met die regte gees, sal sorg dra dat dit sal geskied.

S. H. PELLISSIER.

Bloemfontein,
7 Maart 1927.

# INHOUD.

Voorwoord ... ... ... 2—3

Hoofstuk

I—Inleiding en Afkoms ... ... 6

II—Die Trek ... ... ... 9

III—Die Uitsettingsoorlog ... ... 10

IV—As Engelse Veldkornet ... 18

V—Die Bloemfontein Konvensie ... 22

VI—Mont-Aux-Sources-Awenture ... 26

VII—Vriend van die President ... 28

VIII—Weer Afgesonder ... ... 31

IX—Kommandant-Generaal ... 33

X—Die Inval in die Vrystaat ... 37

XI—Thaba Bosiu Beleër—Louw Wepener Sneuwel ... ... 40

XII—Die Transvalers op die Toneel ... 45

XIII—Die Komdt.-Generaal Beskuldig ... 48

XIV—Die Sehonghong Veldtog ... 51

XV—Die Vrede van Imperanie ... 55

XVI—Paul Fick—Komdt. van Leribe ... 59

XVII—Engelse Intervensie ... ... 63

XVIII—Laaste Jare van Genl. Fick ... 61



Generaal Johann en mev. Fick kort voor die dood van die generaal. Hy is op Paul Ficksberg begrawe.

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING EN AFKOMS.

DAAR was 'n tyd in Suidafrika toe mense dit as verkeerd beskou het om hulle lewensgeskiedenis te laat beskrywe, en daar leef nou nog ou mense wat dieselfde gevoelens toegedaan is. Dit is waarskynlik omdat die mense 'n wantroue en 'n hekel gehad het in alle skoolsheid. Maar gelukkig is die tyd nou verby en al meer en meer word daar belang gestel in die ou mense en in wat hulle te vertel het. Hulle ontberinge en ondervindinge is iets vreemds vir ons en daarom te meer wil ons dit aan die vergetelheid ontruk om as 'n skat van groot waarde te bewaar vir onsself en ons nageslag.

Die lewe van genl. Fick, soos deur sy kinders en ander ou mense aan skrywer vertel, verskaf stof vir die geskiedenis van die Vrystaat van sy wordingsperiode af, maar meer in die besonder vir die distrik Ficksburg waarvan hy 'n stigter was. Eenmaal het hy die land vry geveg van die rowende Basoetoes, en toe het hy in rus gelewe op sy plaas, as die beskermheer van die dorp wat sy naam aan hom te danke het.

Johan Izak Jacobus Fick is gebore op 22 September 1816, op die plaas Kruisfontein, Olifantshoek, in die Grahamstadse distrik. Sy vader het Paul Hendrik Fick geheet, maar is reeds oorlede in die Kolonie voor die Groot Trek begin het. Sy moeder was Lenie Meyer. Johan was die twede seun van vier seuns, van wie, die oudste, Paul, op die woonplaas gebly het tot hy later Transvaal toe getrek het. Hendrik, die derde seun, het saam met sy ma en ander broer, Coenraad, op die Groot Trek gegaan, waarskynlik met die Uysse saam. Maar na sy ma by Colenso dood is, het hy weer teruggegaan Kolonie-toe. Coenraad het later by genl. Fick in Natal en in die Vrystaat gebly.

Daar in Olifantshoek het Johan as jongeling opgegroei en het hy op 5 Mei, 1837, in die huwelik getree met Susanna Christina Johanna Fourie.

Die bruid was toe nog maar in die jeugdige ouderdom van sewentien, daar sy gebore is op 21 Julie 1819. Ons staan vandag verbaas vir die vroeë huwelike van die ou dae, omdat die twintigjarige jongeling nog worstel met die dooie gewig van voorbereiding vir die lewe. In die ou dae was die lewe egter nie so ingewikkeld nie, en die tyd waarin Johan as jongeling opgegroei het, was juis geskik om van hom 'n man te maak, toe hy nog met sy dolossies moes speel. Die jaar (1816) waarin hy gebore is, was die jaar toe die afgryselike gebeurtenis op Slagtersnek afgespeel was, wat 'n onuitwisbare gevoel in die Afrikanerhart gelaat het, wat eindelik die mense uit hulle geliefde vaderland laat wegtrek het. Invalle deur die Kosas het gedurig plaasgevind, en selfs die garnisoen onder kapt. Fraser, wat op die grens gelê het as 'n beskerming vir die boere, kon diefstal op groot skaal nie verhoed nie, en in agt maande tyd van 1816 is daar drie duisend ses honderd beeste gesteel.

Lord Charles Somerset het dit toe wenslik geag om persoonlik na die oostelike grens te gaan, om „op vreedsame wyse" die veediefstal te voorkom. Hy het maar kort tevore in die land aangekom en het dus nog baie geglo in die vreedsame geaardheid en vertroubaarheid van die kaffers en in sy eie bekwaamheid om met kaffers te onderhandel. Hy het die hoofde same geroep en 'n soort van bondgenootskap aangeknoop met Gaika, wat aanspraak gemaak het op die opperhoofskap. Hy het hulle egter die reg gegee om tweemaal per jaar 'n handelsekspediesie na Grahamstad te onderneem. Somerset was dom genoeg om te reken, dat die kaffers volgens hulle belofte sou handel en nie buitekant die pad sou gaan nie. Hy het ook party gekies in die Kosa twis wat reeds enige jare bestaan het tussen Gaika en Nlambe, en Gaika as opperhoof erken. Dit spreek vanself dat die beledigde hoof nou minder geneig was om veediefstal te verhoed, en minder dan 'n maand na die ooreenkoms moes daar reeds die diefstal van negentien beeste gerapporteer word. In die volgende jaar was die twiste tussen die twee hoofde so erg, dat Lord

Charles Somerset troepe gestuur het om sy beskermling te hulp te kom. Die gevolg hiervan was die aanval deur Makana gemaak in 1819 op Grahamstad.

Soos in al die kafferoorloë, moes die boere die spit afbyt want die troepe op die grense was maar gering in getal. Dus toe Johan nog maar drie jaar oud was, moes sy vader op kommando gaan. Of sy vader 'n leidende aandeel in die oorlog geneem het, is ons onbekend. Die volgende kafferoorlog het eers in 1834 uitgebreek, maar intussen het die diefstal nooit eintlik opgehou nie, en soms moes die boere op die grens hulle plase verlaat om weg te vlug vir die kaffers. Met sulke geleenthede het die kinders baie te verduur gehad, maar dit is waarskynlik dat Johan, soos baie ander, hom by meer dan een geleentheid reeds verdienstelik gemaak het teen die kaffers.

Toe die oorlog van 1834 uitbreek, was hy reeds sewentien jaar en het 'n vegtende aandeel gehad in die oorlog. In die aanval op Grahamstad gemaak, is hy tweemaal gewond. Eers in 1835 is die oorlog op bekwame wyse geeindig deur Sir Benjamin Durban, wat ook gemeen het, dat die boere skadevergoeding moes kry vir al die verliese deur hulle gely, deur moord op vrouens en kinders, huise afgebrand, duisende skape en beeste geroof, en vleis en ander voedsel vir troepe gekommandeer, asook vir die bekwame dienste as vegsmanne bewys. Sir B. Durban was ook 'n man vir reg en geregtigheid en het nie geskroom om sy opienie aan die ryksregering met beslistheid te verklaar nie. Lord Glenelg, die Koloniale Sekretaris in Londen, kon egter nie sy sienswyse deel nie, en het nie alleen die Provinsie van Adelaide laat teruggee aan die kaffers nie, maar het ook die Goewerneur teruggeroep en geweier om skadevergoeding te betaal aan die grensboere. Ook is 'n reeks van wette uitgevaardig wat die bestaan op die oostelike grens onmoontlik gemaak het. Stockenström, aangestel as Luit-Goewerneur, was 'n man wat homself wou verhef deur sy mede-Afrikaners te beskinder. Hy moes die filantropiese politiek van Lord Glenelg op die oostelike grens handhaaf en sy teenwoordigheid daar was genoeg om sy mede-Afrikaners die wildernis

in te ja. Hierdie was ook die vernaamste redes wat vir Johan Izak Jacobus Fick laat besluit het om die land van sy geboorte vaarwel te sê om veiligheid te soek in 'n onbekende land waarheen duisende van sy mede-Afrikaners reeds getrek het.

## HOOFSTUK II.

## DIE TREK.

Dat Johan die gevoelens van die Voortrekkers gedeel het, is seker, maar hy het miskien 'n groter konsiliasiegees gehad, of anders het 'n liefdesgeskiedenis hom teruggehou, om nie met die trek uit Grahamstad distrik, wat teen die einde van 1836 plaasgevind het, saam te gaan nie. Sy familie gee as rede, die geboorte van sy oudste seun, maar dit het eers op 8 Februarie 1838 plaasgevind en sy huwelik met Susanna Fourie, op 7 Mei 1837. Dus is dit meer waarskynlik dat sy bruid se familie nie wou trek nie en hy om haar ontwille agtergebly het, toe sy moeder en broers weggetrek het.

Na die geboorte van sy oudste seun het hy egter ook in die pad geval. Hoelank daarna kan nie presies gesê word nie, maar sy oudste seun, komdt. Paul Fick, sê dat hy toe reeds met die aanja van skape behulpsaam was. Die trek het gegaan na Senekal, waar hy 'n tydjie vertoef het, en toe het hy verder na Natal aangestoot op die spoor van Pieter Retief en ander trekkers.

By Umkomaas het Johan Fick 'n tyd gewoon, maar toe die Engelse daar ook moeilikheid veroorsaak het, wou hy daar nie langer bly nie. Eers wou hy deur Kafferland terugtrek Kolonie toe, maar eindelik besluit hy om Transvaal toe te gaan. Net oor die Vaal het 'n ou van Vuuren gewoon. Daar het Fick sy trek gelaat en is toe te perd verder in om die land te besien, saam met sy broer Coenrad (sy moeder het by Colenso die tyd met die ewigheid verwissel). Hy het gery tot in Marico distrik, maar die wêreld daar het hom nie geval nie, en toe keer hy terug na Doringkop in Senekal distrik, waar hy reeds 'n tyd gebly het voor sy trek na Natal. Op die plaas

CARNEGIE BIBLIOTEEK U.S.

Kafferskraal het hy 'n tyd gebly en toe verder ooswaarts getrek. Die gewoonte destyds was om jou naam uit te kap op 'n klip, gewoonlik by 'n fontein, en dit is dan jou eiendomsreg op die plaas. Toe Johan by 'n sekere fontein kom, nou in Ficksburg distrik, staan die naam „Bezuidenhout" daar op 'n klip uitgekap, maar daar was geen bewoner nie. Hy het besit geneem van die plaas Bezuidenhoutsfontein, wat vandag aan mnr. Pieter von Maltitz behoort. By hom op die plaas het ook sy swaer, Mias Nel, gewoon, en by hom in die huis sy ongetroude broer, Coenrad.

Nadat hy die plaas opgebou het, kon hy die ontsaglike som, soos hulle destyds gedink het, van £75, vir die plaas kry, en hy het laat loop, en weer die plaas Skurwekop by Rosendal gekoop. Ook was hy besitter van die plaas Wolwekraal, aan Sandrivier, wat later die besitting van ou ryk Jan Human geword het. Toe in 1866 plase in die verowerde grond uitgegee is, het hy die plaas Paul Ficksberg gekoop. Dit was die plaas wat aan sy seun Paul toegeken is as betaling vir sy Kommandantskap by Molappo; maar die Volksraad het geweier om Pres. Brand se belofte te bekragtig, en Paul het sy huis weer afgebreek en Sterkfontein aan Imperanie gekoop. Hier het Johan eindelik, swerwensmoe, rus gevind en hom toegelê op die bewerking en verfraaiing van die deur die Natuur begunstigde plaas. Hier is ook die eerste watermeul in die distrik opgesit. Die plaas is omtrent 'n uur te perd van Ficksburg af kort onder Sikonyellashoed geleë, en word vandag bewoon deur mnr. Dan de Villiers, L.U.K. Genl. Fick het die pad na die dorp dikwels gery om sy kerk en distrik te dien.

## HOOFSTUK III.

## DIE UITSETTINGSOORLOG.

WANNEER die trek uit Natal onderneem is, kan nie met juistheid gesê word nie, maar in 1848 was Johan reeds in die Vrystaat terug en kon deelneem aan die Uitsettingsoorlog. Van nou af is sy geskiedenis ook die geskiedenis van die

Vrystaat en daarom is dit wenslik om 'n kort oorsig te gee van die Vrystaatse geskiedenis voor 1848.

Vir die eintlike Voortrekkers was die Vrystaat maar 'n mylpaal op die weg na Natal en die aanval van die Matabeles by Vegkop was 'n struikelblok en 'n vertraging van die Trek. Baie boere het hulle toe egter permanent daar gevestig en Winburg word die hoofstad van die Republiek. Op 6 Junie 1837 is die regering daar gekies, saamgestel uit 'n Goewerneur en Kommandant-Generaal (n.l. P. Retief), Landdros en Heemrade en Vrederegters. Ook is daar 'n Konstitusie van nege artiekels opgestel om orde en wette te handhaaf in die land.

Ofskoon beide die Goewerneur en Landdros na Natal getrek het, kan ons darem aanneem dat van die vrederegters agter gebly het. Later toe die Republiek gestig is in Natal het Potgieter en van sy raadgewers by Winburg 'n s.g. Adjunk Raad gevorm van die Republiek van Natal. Dit blyk egter dat die Boere in die Vrystaat geensins afhanklik was van die Natalse Republiek nie, en ofskoon kommandant Mocke in 1842 met 'n kommando gegaan het om Pretorius teen die Engelse te help, was dit meer as vrywilliger dan as onderdaan. Toe sake daar nie meer na sy sin gegaan het nie, het hy verkies om terug te gaan Vrystaat-toe en niemand kon hom belet nie.

Baie boere het ook die Vrystaat binne getrek om nonpolitieke redene en hulle was nie juis gekant teen die Britse Regering nie. Die s.g. Napier Traktate het egter vir hulle ontevrede gemaak, want daardeur is hulle tot onderdane gemaak van kleurlinghoofde. In 1842 is daar met Adam Kok, die hoof van die Griekwas, 'n traktaat gesluit wat hom erken as opperhoof oor die hele streek wes van die Basoetoes, noord van die Oranjerivier en suid van die Modderrivier. Hy is ook met wapens voorsien om sy gesag te handhaaf. Dit was 'n poging van Sir George Napier, wat deur Dr. Philips, die hoof van die Londense Sendinggenootskap, aangeraai was, om die Voortrekkers te doen terugkeer. Die Goewerneur het gemeen dat die Voortrekkers liewer onder die Engelse Regering sou wil staan dan onder die

Griekwas. Maar die boere het eenvoudig die gesag van Adam Kok verwerp en bly woon in die land. Die Griekwahoof het egter die belofte van ondersteuning van die Engelse Goewerneur Sir P. Maitland gekry en het op aanmatigende wyse sy belastings wat op die boere gelê was, begin opeis. Hy stuur toe 'n klomp Griekwas uit om 'n sekere boer, wat geen notiesie van sy regering geneem het, gevange te neem. Die boer was nie tuis nie, maar sy vrou is beledig geword. Daarop het die boere dadelik in laer bymekaar gekom op Toufontein, waar hulle die vrouens en kinders in veiligheid gebring het, en toe het hulle teen die Griekwas opgetrek. Van Colesberg en Grahamstad het Engelse-troepe vir Adam Kok te hulp gekom onder Kol. Richardson. In die lyn van verkenning het die latere geskiedenis van Suidafrika bewys dat die Afrikaner nie vir ander nasies hoef agteruit te staan nie. Maar daardie keer was die Boere-verkenning maar gebrekkig en die gevolg was dat hulle by Swartkoppies byna omsingel was voor hulle die Engelse gewaar het. In die poging om te ontvlug is daar drie man gedood. Dieselfde dag nog is ook die laer by Toufontein met al die wapens in besit geneem. Die anti-Engelse Boere het oor die Modderrivier gevlug na Winburg.

Die Britse Regering het nou 'n Resident op Bloemfontein geplaas, n.l., Majoor Warden, aan wie die Boere suid van die Modderrivier nou belasting moes betaal, waarvan die helfte aan Adam Kok gegee is.

In 1848 kom Sir Harry Smith na die Vrystaat in die waardigheid van Goewerneur van die Kaap Kolonie. Sy begeerte was om nog sy waardigheid oor groter gebied uit te brei. Hy proklameer toe, nadat hy die traktate met Adam Kok en Mosjes feitlik vernietig het, die Britse Soewereiniteit oor die hele Vrystaat, van Oranje tot die Vaal en van die Vaalrivier in die weste tot die Drakensberg in die ooste. Hierdie vreedsame anneksasie word beskou—so verklaar Sir H. Smith aan Pretorius—as volgens wens van al die bewoners van die Vrystaat te wees, net soos later beweer is in die geval van die anneksasie van die Transvaal. Andries Pretorius het daar egter

anders oor gedink en het dadelik vergaderings gaan hou in die Vrystaat. Op hierdie vergaderings het dit geblyk dat Sir H. Smith die opienie van 'n paar Engels-gesinde Afrikaners geneem het as verskoning vir sy onregverdige en buitensporige handelwyse. Hy was reeds by sy vertrek uit die Kaap vas besluit om al die grond deur die Voortrekkers in besit geneem te anneksеer, en dit is waarskynlik die manlike taal van Andries Pretorius wat hom sy proklamasie laat beperk het tot die Vrystaat.

Dit egter het die Voortrekkers as 'n groot onreg beskou, te meer nog omdat sy handelwyse teenoor Pretorius verraderlik was. Hy het n.l. aan Pretorius verlof gegee om eers die gevoelens van die burgers te toets, en terwyl Pretorius nog besig was, word die proklamasie uitgevaardig. Vir Sir H. Smith het die Voortrekkers-Boere baie respek gehad, omdat hy die generaal was wat die sesde Kafferoorlog op so'n bekwame wyse gevoer het. Hy was die regterhand van Sir Benjamin Durban en saam met hom het die Boere geveg teen die kaffers op die grens. Maar nou dat hy hulle op verraderlike wyse kom ontroof van hulle onafhanklikheid, was hulle vas besluit om die Engelse gesag te verwerp wat ook al die gevolge mag wees. In Natal het hulle in 1842 die wapens opgeneem teen die Engelse en hulle moes in 'n regverdige saak wyk voor die oormag van wapens. Hier weer kom die Engelse hulle trotseer en, ofskoon hulle die einde nie kon voorspel nie, het hulle gevoel soos Jan Celiers:

„Wie onreg dra
sal onreg bou.
Aan God ontrou
die man die vrou
wat reg laat hoon."

In die Vrystaat is die burgers opgekommandeer. Eers het hulle vir beskerming die vrouens en kinders in laer gebring by Doringkop.

Johan Fick is gekies as veldkornet en hy moes die mense op kommandeer in Senekal distrik. Kommandant Adriaan Stander, na wie Standerton later geheet is, was die aanvoerder van die Vrystaters. Nadat die vrouens by Doringkop onder

die beskerming van Philip Venter geplaas is, het die krygsmanne uitgetrek om die Transvalers onder genl. Pretorius te ontmoet. Van Modderrivier af het genl. Pretorius, wat hoofaanvoerder was, vir komdt. Stander vooruit gestuur om die Engelse by Bloemfontein af te spioneer, terwyl hy self met die hooflaer agterna kom. 'n Klompie Boere het Majoor Warden, Biddulph en 'n paar ander 'n end van Bloemfontein af teëgekom en wou hulle gevange neem om Majoor Warden te oortuig dat die Boere beslis gekant was teen die Engelse Regering. Dit sou hy doen deur hom na die Boerelaer te neem om die getalle te aanskou. Majoor Warden het die vrede egter nie vertrou nie en het sy veiligheid liewers aan sy ryperd toevertrou, wie se snelheid hom dan ook veilig in Bloemfontein gebring het.

Veldkornet Fick was eers onwillig om saam met Pretorius te gaan, omdat hy nie die sterk onafhanklikheidsgevoel gehad het nie, wat by die ander Voortrekkers aanwesig was en versterk is deur die Kafferoorloë, op die Groottrek en in Natal. Wat hom eindelik beweeg het om mee te gaan weet ons nie; miskien was dit die proklamasie van Pretorius dat almal wat nie meegaan nie as vyande beskou sou word. Dit is egter meer waarskynlik dat sagter maatreëls nodig was vir 'n man van sy wilskrag. Hoe dit ook al was, hy het tog saamgegaan onder kommandant Stander. Hulle het van uit die bosse waar die Oranjeskool nou is die Engelse afgespioneer. Die Goewermentsgebou was daar waar Pres. Brand se standbeeld staan. Hy het toe teruggekeer na die hooflaer by die teenswoordige stasie.

Die oggend van 17 Julie 1848, na ontbyt, doen Pretorius eers 'n plegtige gebed en verdeel toe sy manskappe in vier afdelings. Sy bevele was dat as hulle die woord kry moes hulle so storm dat die vyand nie in die bondel kon skiet nie. Die woord is egter nooit gegee nie, want Pretorius het eers vir Hans Basson gestuur met 'n wit vlag om oorgawe te eis. Majoor Warden het toe onderhandel en sy twee kanonne en publieke geboue ens., is alles oorgegee op voorwaarde dat al die Engelse inwoners—plus minus 240 klein en groot—met hulle private eiendom oor die grens

vervoer sou word. Pretorius het die waens verskaf en komdt Paul Bester is met 'n wag saamgestuur. Net oorkant die Oranje het die Engelse skanse gegrawe en hulle daar versterk, tot versterking sou opdaag. Daarop het die Boere aan die noordekant van die rivier waggehou—die hooflaer het ook suidwaarts getrek. Komdt. Stander het onderkant en komdt. Mocke bokant die Pont geleër. Lank kon hulle daar egter nie bly nie, want die veld was maar droog en die gras was gou daar afgevreet deur die perde. Om voer te kry trek hulle toe langs die rivier op tot by Bethulie, vandaar noordwes tot by Telpoort waar die hooflaer gestaan het.
Intussen het Pretorius met die Basoetoes onderhandel en het van hulle die waarborg gekry dat hulle nie die Engelse sou help nie.

Die les van Swartkoppies het die Voortrekkers goed geleer en by Telpoort is gedurig wagte uitgesit. Terwyl Pretorius nog in briefwisseling was met Sir H. Smith, wat die Boerekommandante ontrou wou maak, kom die wagte een aand na donker met die tyding dat die Engelse reeds op Toufontein was. Jan Vermooten word as laerkommandant agtergelaat en die res moes dadelik opsaal om vorentoe te gaan.

By Boomplaats in die randjies het hulle 'n goeie posiesie ingeneem die ander dag oggend met tussen 500 en 750 man onder komdt-genl. Pretorius, en komdte. Jan Kock, Stander, Mocke en ander. Die Engelse het 800 Engelsetroepe, 250 Griekwas en enige Boere (wat egter op die agtergrond gebly het) gehad. Die geveg, wat plaasgevind het op 29 Agustus 1848, was 'n hewige. as 'n mens Sir H. Smith moet glo; want hy wat Waterloo en ander Napoleontiese gevegte deurgemaak het, sê in sy rapport dat dit een van die hewigste skermutselinge was wat ooit aanskou was.* Aan die kant van die Engelse was daar twee offisiere en twintig manskappe gedood en 'n groot aantal gewond. Aan die kant van die Boere het nege gesneuwel en vyf is gewond. Twee is gevange geneem: Dreyer en 'n weggelope Engelse soldaat. Altwee is op Bloemfontein tot die dood veroordeel en doodgeskiet na hulle

* Sie Theal „Since 1795," III, bladsy 290.

hulle eie graf gegrawe het. Na die Slagtersnek-tragedie was Dreyer die eerste slagoffer van die Engelse koeëls wat bedoel was om lojaliteit in te boesem.

Veldkornet Fick het in die geveg sy perd, saal en toom kwyt geraak en moes te voet uitvlug.

Die s.g. rebelle moes vir die oormag wyk en soos gewoonlik as 'n Boer vlug is alles in verwarring. Die een het vir sy eie maat gevlug en selfs hier en daar vir mekaar gehêndsop. Die volgende dag het hulle by Kafferrivier bymekaar gekom en toe was daar droefheid aan te hoor. Die een mis 'n broer, die ander 'n vriend wat hulle meen wat doodgeskiet is. Dit hoef nie gesê te word dat baie van die geween verniet was nie. Tesame het die vlug nog gegaan tot aan Modderrivier, naby Waterwerke, en daarvandaan het elkeen na sy huis gegaan, en die Transvalers het oor die Vaal teruggetrek.

Nou kom eers die moelikheid vir die inwoners van die Vrystaat. Almal wat aan die Boomplaats slag deelgeneem het, is as rebelle beskou en moes nou boete betaal en hulle geweers afgee, terwyl Pretorius as die aartsrebel beskou is en as sulks voëlvry verklaar is en boonop is nog 'n som van £2,000 op sy hoof geplaas. Hy is egter oor die Vaal en is in 1852 met die Engelse versoen geraak.

Daar was reeds destyds verraaiers onder die Boere en hulle het die lewe vir diegene wat nie boete wou betaal nie suur gemaak.

Veldkornet Fick het 200 riksdalers boete betaal maar het beslis geweier om sy wapens af te gee. Die Engelse het gou gesien dat hulle hier te doen het met 'n man, wat beter is om as vriend dan as vyand te hê, en hulle het hom oorgehaal om 'n veldkornetskap aan te neem onder die nuwe regering.



'n Baie interessante portret geneem op Ficksburg in 1897 toe President Steyn op reis was. Komdt. Paul Fick (in die middel, met 'n kruisie gemerk) was kommandant. Ds. Boshoff (nou van Bloemfontein), net agter hom, was toe predikant op Ficksburg. Links agter Ds. Boshoff is Komdt. Fick se seun, Veldkornet Jan Fick, reeds oorlede

HOOFSTUK IV.

## AS ENGELSE VELDKORNET.

'n VELDKORNET moes destyds in oorlogstyd militêre pligte vervul, want sir H. Smith het geproklameer dat elke burger verplig sal wees om vir Haar Majesteits regering en haar bondgenote te help veg in geval van oorlog. In tyd van vrede moes hy belastings invorder waarvan hy dan 10% kon agter hou vir homself. Sy salaris was net £15 per jaar. Hy moes ook mense trou waar nodig en was vrederegter wat baie sake, kriminele sowel as siviele, uitwys. Die Boere het maar gedurig na hom gekom met klagtes of om hom te raadpleeg. Hy was dus 'n persoon van belang in sy distrik.

Van die dag af dat Johan Fick ingesweer is as veldkornet het hy besluit om getrou te bly aan die nuwe Regering. En hy het sy bes gedoen om 'n versoening teweeg te bring tussen die nuwe regering en die burgers. Miskien was dit omdat hyself nie liefde op die nuwe regering gemors het, dat hy nie daarin geslaag het om sy medeburgers te versoen nie.

Dit was die militêre dienspligwet waarmee die burgers veral ontevrede was. Dat hulle vir die Engelse, wat met geweld hulle land kom afvat het, moes veg was erg genoeg, maar toe hulle later uitvind dat die bondgenote, vir wie hulle ook moes veg, niemand anders was dan die kafferopperhoofde nie, was dit eens te erg en hulle het weer in opstand gekom.

In 1851 is die burgers opgekommandeer om te veg teen die Basoetoes oor 'n verskil wat, soos dikwels tevore, ontstaan het tussen hulle en Sikonyella. Die Makatese (Sikonyella se mense) het ook maar dikwels diefstal gepleeg en die gevoel teen hulle was dus net so sterk as teen die Basoetoes. Die burgers kon ook nie die nut insien van hulle in te meng in die kaffertwiste nie, omdat hulle goed onthou het wat die gevolg was van Lord Charles Somerset se inmenging met Gaika en Nlambe se twiste. Dit was veral die burgers van die noordelike Vrystaat wat nie met die Engelse langers een vuur kon sit nie.

Veldkornet Fick het hulle opgekommandeer om met perd, saal, toom en mond-proviesie te verskyn op die plaas van mnr van Rooyen in die teenswoordige Marquard distrik. Toe hulle daar bymekaar kom, het hulle besluit onder leiding van Freek Senekal om om te draai huis-toe, en Fick was verplig om alleen daarvandaan weg te gaan. Die Engelse soldate was maar min in getal in die Vrystaat weens die Kafferoorlog op die oostelike grens. Hulle het maar min ondersteuning gekry van die kant van die burgers. Die Korannas en ander „bondgenote" het gehelp, maar in die geveg by Viervoet het die Basoetoes die Engelse verslaan. Die geveg het plaasgevind op die plaas van mnr Bailey in die hoek. Die kaffers het selfs die Engelse kanonne afgeneem, maar die is toe weer deur komdt Bester op waaghalserige manier teruggeneem. Majoor Warden het nou geen ander genade gesien nie as om met die ongehoorsames te gaan mooi praat om tog te kom help. Aan straf kon hy nie dink nie. Hy het daarom 'n proklamasie uitgevaardig dat almal wat kom help veg een-derde van die buit sou kry. Dit was 'n handelwyse wat nie veel respek vir die beginsels van die mense vir wie dit bedoel was getoon het nie. Veldkornet Fick, wat by die geveg net 'n paar manskappe in die veld kon bring, het weer 'n poging aangewend in sy veldkornetskap. Maar hy en sy klompie aanhangers was reeds al as Engelse proseliete beskou en sy getrouheid aan sy eed het vir hom nou baie moeilike dae laat deurmaak.

Op die begrafnis van 'n sekere v.d. Merwe by Maartens se berg in Clocolan distrik, het hy die burgers ontmoet en vir hulle die proklamasie van majoor Warden voorgelees. Die burgers het dit met veragting van die hand gewys. Die woordvoerders was die twee broers Senekal. Freek was in 1858 die kommandant-generaal en is in 1866 deur die Basoetoes doodgeskiet. Die dorp Senekal heet na hom. Op spottenderwyse het hulle gesê dat hulle kafferperde en kafferosse nie nodig het nie. Fick, wat 'n baie haastige geaardheid gehad het, het dadelik vir Freek Senekal beskuldig van oproer te maak, en 'n woordetwis het daar gevolg tussen die twee toekomstige groot manne.

Dit het gemaak dat Senekal se volgelinge nog meer teen Fick geraak het. Die burgers het toe reeds al vir Freek Senekal gekies as hulle veldkornet in plaas van Fick. Net sewe man, Fouries en Krieks, het aan hom trou gebly. Met die paar mense moes hy vlug, want die burgers wou hom gladnie in hulle laer hê nie. Hulle was vas beslote om nou met die Engelse te spook en Fick was nou 'n verraaier.

Hierdie tyd was daar ook by Mosjes 'n wit man Adriaan van der Kolf, wat om een of ander misdaad uit die Kolonie gevlug het en dig by Modderpoort gewoon het. Hy het die vertroue van Mosjes in soverre gewen dat die hom gebruik het om die wit mense te beroof. Van der Kolf het homself genoem „die kommandant-generaal van die ganse Basoetoeland." Met sy groot vyandigheid teen die Engelse het hy ook gou die vertroue van die rebelle-burgers gewen. Teen die Britsgesinde Boere was hy erg gekant en het baie vee geroof van die Wesselse van Winburg. By Doringberg het hy Fick se beeste ook almal weggevoer en ook sy een ryperd, Boontjie, waarmee Fick dikwels reisies geja het. Die beeste is egter die volgende dag agterna gesit en weer afgeneem. Fick was egter verplig om pad te gee uit Senekal distrik waar die burgers in laer was wat hom gedurig dreig. Hy vlug toe met sy sewe man tot by Bamboeshoek in Ficksburg distrik, vandag die plaas van sy seuns Piet en Coenrad. Daar moes hy gedurig op wag bly. Hy het probeer om rapporte te stuur na Bloemfontein maar die is afgeneem deur die rebelle. Die Engelse was ook in so'n hagelike toestand dat hulle hom nie kon help nie al het hy die rapporte deurgekry. Die Basoetoes maak plundertogte, die rebelle dreig in die noorde en het onderhandel met Pretorius wat met 'n mag uit Transvaal hulle tegemoet sou kom om die Engelse nou uit die Vrystaat te dryf. Van die Kaap Kolonie was niks te verwag nie want die Kafferoorlog het die laaste beskikbare man op die oostelike grens in beslag gehad.

Onder die omstandighede het majoor Warden na Natal geskryf om hulp en kapt. Parish het met 780 man gekom waarvan 590 kaffers was. Fick was ook baie bly vir die hulp en trek vir Parish

by Paul Roux tegemoet. Parish stuur toe spioene uit na Senekal se laer en toe hy die sterkte en posiesie van die rebelle weet.... trek hy 'n Outorisasie-brief op in Engels om die laer in die nag aan te val, en versoek Fick om dit te teken. Fick dring eers daarop aan dat dit in Hollands moet vertaal word en toe dit gedaan is weier hy om sy konsent te gee tot 'n kaffermoord waarop dit sou neerkom. Die kans om hom te wreek op die vyandigheid van sy medeburgers het hom nou voorgedoen, maar hy was grootmoedig genoeg om hulle te beskerm teen die wrede Soeloes. Ook het hy geweier om met hulle saam op te trek na Bloemfontein.

Die koms van die Soeloes het gou 'n einde gemaak aan die vyandigheid van die rebelle, temeer omdat ook Pretorius sy verwagte hulp aan hulle ontsê het om die onafhanklikheid van die Transvaal te verkry.

Wat het nou van die rebelle geword? Hulle het 'n komitee gekies om te onderhandel met Pretorius en met v. d. Kolf. Hulle was n.l. Christiaan v. d. Heever, Abraham Smit, Freek Senekal, Daniel Pieterse, Nicolaas Grobbelaar en J. D. Celliers met hulle sekretaris Jan Hamers. Die sekretaris moes die name van die opstandelinge wegstuur na v. d. Kolf sodat hy kon weet wie hy nie moes beroof nie. Toe v. d. Kolf nie tuis was nie, laat hulle die name op goeder trou in die hande van die Sendeling van Mequatling, Dumas, om aan v. d. Kolf af te lewer. Dumas het dadelik die lys na majoor Warden gestuur, wat daarvan gebruik gemaak het om die rebelle te dagvaar. Die lede van die komitee is tot die dood veroordeel, maar weer was dit veldkornet Fick wat vir die lewes van sy vyandige landgenote gepleit het met die gevolg dat die doodstraf verander is in boetes van £100 elk. Vyf ander moes elkeen £75 betaal; nog ses moes £50 betaal, ander weer £25, sodat die totale boete opgelê oor die £2,000 bedra het. Party het gevlug oor die Vaalrivier, ander het weer die boete teruggekry of gladnie betaal nie omdat hulle die s.g. Vriendskaplike Party was toe die Engelse van die land ontslae wou raak. Die poging om die gehate juk van die Engelse af te werp—wat eintlik niks anders

as 'n gewapende protes was nie—het dus misluk maar dit het vir Johan Fick 'n bittere tyd laat deurmaak.

## HOOFSTUK V.

## DIE BLOEMFONTEIN KONVENSIE.

VANAF die slag van Viervoet het die Vrystaat nog altyd in 'n staat van oorlog verkeer met die Basoetoes. Van der Kolf is voëlvry verklaar en die som van £75 is op sy hoof geplaas. By die Sandrivier-Konvensie was hy teenwoordig om die vrede met Pretorius te verhinder, maar majoor Warden wou hom laat vang en toe het hy met sy „lansiers" weggevlug. 'n Tydjie daarna egter het 'n goeie vriend van hom, Nicolaas Horn, hom doodgeskiet, sy hoof in 'n knapsakkie gesteek en op Bloemfontein sy £75 gaan ontvang. Na sy dood het die plundertogte aansienlik afgeneem, maar die Basoetoes het hulle self as die meerdere van die wit man beskou. Die gesag van die Engelsman moes dus nog gehandhaaf word.

Sodra dus die oorlog op die oostelike grens geëindig was, het sir George Cathcart, die man wat al die eer van die eindiging van daardie oorlog gekry het, met 2,500 man oor die Oranjerivier getrek. Hy het langs die Caledon opgetrek tot aan Platberg. Daarvandaan het hy 'n ultimatum gestuur aan Mosjes om binne drie dae 10,000 beeste en 1,000 perde as skadevergoeding te stuur vir die rowerye van die Basoetoes.

Mosjes was in die eerste plek 'n diplomaat en in die twede plek 'n krygsman. Dit was sy beleid in oorlog wat vir hom groot gemaak het onder die kafferstamme. Dit was ook sy oorleg wat vir hom meer as een oorwinning besorg het teen die witmense. Terwyl hy nou voorgee om aan die ultimatum van Cathcart te voldoen was hy besig met 'n hinderlaag vir die Engelse voor te berei. Hy het gou 'n klompie maer beeste (3,500) bymekaar laat maak en die aan Cathcart laat stuur met die verskoning dat dit al was wat hy bymekaar kon kry in die kort tydjie. Cathcart het op hooghartige wyse die aanbod aan die hand gewys en stipte nakoming van die eise in die ultimatum vervat, ge-

eis, en aangesien die opperhoof nie aan sy eise voldoen het nie, trek hy dadelik in om die opperhoof tot sy besinning te bring.

## DIE SLAG VAN BEREA.

Nie ver van die Caledon af nie, in Basoetoeland lê die berg Berea—nou ook bekend as Cathcartsberg. Dit is 'n groot plat berg en van die Caledon se kant af kom 'n mens byna ongemerk bo op, maar dit het destyds gedien as 'n hinderpaal op die weg na Thaba Bosiu. Hier kort by die berg het Masoepa, die krygslustige seun van Mosjes, gewoon, en hier is dit waar die hinderlaag vir die Engelse voorberei was, soos ook later vir die Boere. Hulle het n.l. hier 'n groot trop beeste laat wei, en die Engelse, uit op wins, het dadelik troepe op hierdie beeste afgestuur. Hier is hulle toe aangeval en hiervandaan het sir George Cathcart in allerhaas teruggetrek langs dieselfde pad wat hy gekom het en 37 dooies waaronder twee offisiere agtergelaat, en vyftien manskappe was gewond.

Mosjes het nou gou 'n brief laat opstel waarin hy, soos 'n egte diplomaat, die eer van die geveg aan sir George gee terwyl hy self die wins sou oes. Sir George was met die eer tevrede en het beloof om dadelik terug te trek oor die Oranje rivier, wat hy dan ook gedoen het. Dit was op sy aanbeveling dat die Engelse nou besluit het om die Vrystaat terug te gee, want hy het beweer dat die land net goed was vir blesbokke en wildebeeste.

Dit spreek vanself dat manne soos veldkornet Fick, die Wesselse van Winburg en die boere van die suidelike Vrystaat ontevrede was dat Engeland nou haar beskerming sou terugtrek. Op hulle was reeds die Basoetoe-plundertogte gemunt omdat hulle getrou gebly het aan die Engelse en nou dat sir George Cathcart, as 't ware, die stok in die bynes kom steek het, hardloop hy weg, en gaan nog die geringe beskerming, wat majoor Warden kon verskaf, ook wegneem. Hierdie manne het dan ook hewig geprotesteer, en selfs 'n deputasie na Engeland gestuur, maar die Engelse, om wie se ontwil hulle die veragting van hulle eie mense op hulle

nek gehaal het, het hulle as vyandiggesindes beskou, en hulle „obstruksioniste" genoem.* Die rebelle van die noordelike Vrystaat, manne wat nog nie 'n goeie woord gehad het vir die Engelse en hulle bestuur nie, is nou as die Vriendskaplike Party beskou en die boete wat op hulle gelê is, is weer aan hulle teruggegee.

Toe veldkornet Fick egter sien dat dit hopeloos was, het hy ingegee en is gekies as een van die afgevaardigdes wat die Vrystaat oorgeneem het in 1854. Deur sy grootmoedigheid by die veroordeling van die rebelle, het hy weer hulle vertroue gewen, terwyl hy terselfdertyd groot invloed gehad het by die Engelse. Hier het egter die Engelse periode van Fick geëindig. Voortaan was hy republikein in merg en been en het die republiek gedien met sy krygsmansbeleid totdat hy die hoogste militêre rang in die staat beklee het, n.l. kommandant-generaal in 1865 tot '66.

Voordat sir George Clerk, die Engelse afgesant, die staat oorgegee het aan die afgevaardigdes van die Boere, het hy eers die rol van pleegvader gespeel. Hy het van hulle geëis 'n behoorlike konstitusie waarvolgens hulle die land gaan regeer. Hulle het toe 'n konstitusie opgetrek op die basis van die van die Verenigde State van Amerika en toe het hy plegtig afstand gedoen van die staat aan wie Engeland so lank haar beskerming verleen het, met wyse raadgewinge aan die toekomstige bestuurders.

## SIKONYELLA VERDRYF.

In 1853 terwyl die stryd tussen Loyaliste en die Republikeinse Party hewig was in die Vrystaat, het daar 'n gebeurtenis van groot gewig plaasgevind in die distrik wat Johan Fick se naam in die toekoms sou dra. Sikonyella, die seun van Mantatisi, en hoof van die Batlokoa of Maketese, het Mosjes dikwels gevoelige nederlae toegebring en selfs die roem van die Basoetoehoof dikwels in die skadu gestel. Mosjes en veral sy seuns Masoepa, Letsie en Molappo sou egter nie rus voor hulle nie terdege wraak geneem het op hulle aartsvyand nie.

*Sie Dr. Theal „Since 1795," bladsy 353.

Nou na hulle die Engelse leër die hasepad laat kies het, het hulle meer vertroue in hulle self gehad en het weer 'n sterk kommando op die been gebring teen Sikonyella wat sy woonplek ingeneem het op 'n plat bekranste berg omtrent vier myl noordoos van die teenswoordige dorp Ficksburg. Deurdat die berg net een voetpad het wat na bo lei, was dit 'n betreklik veilige vesting. Omtrent 'n myl verder oos was die berg Yoallo Boholo (Groot Bier) waar Sikonyella se oudste seun Makitikiti sy verblyf gehad het. Die Basoetoes het met lis gekom en hulle die nag aan die noordekant van Sikonyellasberg in 'n sloot verberg en daar gewag tot die meeste van Sikonyella se kaffers weg was op bierdrinkery en ook Sikonyella self. Hulle het toe in drie afdelinge die berg bestorm; terwyl Molappo met sy mag die voetpad bestorm, probeer Mosjes en Letsie die berg by ander plekke te beklim. By 'n sekere plek aan die noordooste kant is die krans so laag dat hulle op mekaar se skouers kon klim en mekaar uitstoot. Die wag by die voetpad is toe ook van agter aangeval en gedood. By die terugkoms van die besope Makatese is hulle ook by hope gedood. Toe alles verlore was het Sikonyella hom in 'n sloot versteek 'n paar dae lank solank die Basoetoes sy stad verbrand en die omgewing verwoes en alles weggeroof het. Sikonyella se oudste seun Makitikiti, die bewoner van Yoalla Boholo, is ook gedood, maar sy seun Ledingwana het saam met Sikonyella en nog sestig volgelinge na Winburg gevlug. Vandaar is hulle na Bloemfontein gestuur, waar hulle 'n paar maande deur die Engelse Resident gerantsoeneer was en toe na Herschel distrik gestuur waar Sikonyella op 20 Julie 1856 oorlede is. Sy twede seun Lehana het die regentskap oor die stammetjie gevoer tot Ledingwana meerderjarig geword het. Hierdie kleinseun van Sikonyella woon vandag aan die Grootrivier in Basoetoeland in 'n droë bergagtige streek omtrent een dag reis van Mont-aux-Sources as 'n onderdaan van die Basoetoe-opperhoof.

Mosjes reeds het sy verslae vyand op Bloemfontein besoek en hom sy beskerming aangebied, maar wat die ou man uit trotsheid geweier het, het die kleinseun aangeneem, en vandag roem hy

op niks anders nie as die besit van 'n groot menigte vrouens.

So is dan die gesel van die grensdistrikte, die hoof wat beide Basoetoe en witmense geplunder het en wat sy rooftogte tot in Soeloeland uitgestuur het van die toneel verdwyn en sy grondgebied is verdeel tussen Molappo en Molitsane, die broer van Mosjes wat in Clocolan distrik op Mabollella verblyf gehad het. Sou die Makatese nie miskien handige, en hulpvaardige bondegnote gewees het nie van die nuwe Republiek in hulle latere stryd teen die Basoetoes? In elk geval het hulle verwydering 'n beter kans verskaf vir bewoning deur witmense later. Johan Fick sou miskien nie baie ingenome gewees het met Sikonyella se volgelinge as sy bure nie.

## HOOFSTUK VI.

## MONT-AUX-SOURCES-AWENTURE.

DIE ideaal wat die Vryheidshelde gekoester het, het nou vir hulle soos 'n appel in die skoot geval; maar ongelukkig het die appel 'n kneusplek gehad. Die Basoetoe-kwessie was die plaag van die Republiek van haar ontstaan af. Die oorwinninge by Viervoet en by Bereaberg het vir hulle die reg gegee om vrypostig en astrant te wees. Nou dat die Engelse teruggetrek het, was die Boere te swak om die swarte mag te weerstaan, so het die kaffers gemeen. En van die kant van die Boere was daar ook meer versigtigheid dan miskien nodig was. Selfvertroue het ontbreek by die manne wat nog nie die kuns om te wen geleer het nie. Boomplaas, Viervoet en Berea het op hulle die indruk gemaak dat verloor nie 'n kuns was nie. Selfverdediging, elke man vir homself, was die verstandhouding van die dae, en dus het elke man gesorg, as die kaffers op hulle jagpartye kom, dat hy met sy famielie en besittinge op veilige afstand wegtrek. Minstens eenmaal per jaar het die gerug gekom dat die kaffers aankom. Dan word die wa in haas opgepak, die vee word aangeja en al wat lewe vlug diep in na die weste van die Vrystaat, totdat die kaffers weer terug is in Basoetoeland. As die Boere dan teruggaan

na hulle plase moet hulle van vooraf weer begin met wat hulle gered het met vlug. So het die vryheid onder sulke omstandighede nie baie smaaklik gewees nie. Die kaffers het ook nie altyd die nodigheid gesien om, na 'n „jagparty" (of liewers 'n rooftog) weer terug te gaan nie. Dan was die Regering verplig om die burgers op te kommandeer om die kaffers oor die grens te gaan bring, of liewer oor die veronderstelde grens.

Volgens die proklamasie van sir H. Smith van 1848 was Engelse gebied tot aan die Dräkensberg. Die Boere het egter nooit aanspraak gemaak op die gebied waarop die Basoetoes oorspronklik gewoon het nie, omdat dit altyd teen hulle beginsels was om enige nasie, al was dit ook Barbare, van hulle grond te ontroof, al gee Engeland dit vir hulle present.

Die eerste keer dat die regering dit nodig geag het om die Basoetoes terug te drywe was in 1856 toe hulle in Witsieshoek oorgegaan en in Harrismith distrik verblyf gehou het. 'n Kommando onder komdt. Louw Botha is toe uitgestuur. Jan Fick was toe kommandant van die Winburgse kommando.

By Liebenbergsvlei het hulle vir die eerste keer agter die kaffers geja, maar daar was eintlik geen verset nie. Hulle het ook orders gehad om nie te skiet nie, maar hulle kon hulself nie bebedwing nie en het een kaffer se been afgeskiet. Die kaffers het toe van Witsieshoek af ingevlug na Molappo toe. Nadat die Boere 'n groot klomp vee afgeneem het, het komdt. Botha dit goed gevind om maar terug te trek. Kommandant Fick was nog nie tevrede nie en het toe versoek om die berge uit te gaan. Die verlof is hom gegee en hy kon al die beeste wat hy afneem vir hom self hou. Hy het daarop vrywilligers gevra. Hy het net twaalf witman en een jong gekry, maar was vas besluit om te gaan. Hy was nie bang vir die kaffers nie en boonop het die majestuese Mont-aux-Sources hom getrek. Met sy twaalf man is hy die beroemde Nahamadi pas uit, waar die talle van besoekers ook vandag uitgeneem word, al het die berg toe wit gelê van die sneeu. Een van die vrywilligers was ook sy agtienjarige seun Paul. Die pas is 'n poort tussen vreeslike hoë


regop kranse waaruit 'n steil voetpad met 'n menigte kronkelinge tog eindelik die top van die berg bereik. Salig is die besitter van hierdie pas in oorlogstyd. 'n Paar jaar gelede het 'n paar astrante bobbejane nog die lewe van die reisigers onveilig gemaak deur klippe op hulle af te rol. Niks is dan ook makliker hier nie. Toe die klein Fick kommandotjie die pas nader, het die kaffers dadelik 'n klipmuur in die pas opgestawel. Die klippers wat afgerol is, het die Boere tydelik laat halt. Die nag moes hulle daar slaap en die volgende oggend vroeg is Paul met vyf man regs opgestuur om onder die krans langers die kaffers se stelling te bestorm. Toe hy daar kom, was hulle almal weg. Miskien was hulle verdryf deur die koue wat verskriklik erg was, maar meer waarskynlik deur die vrees vir die witmense wat somar 'n kaffer se been afskiet. Deur die sneeu is die twaalftal toe die berg uit tot by die oorsprong van die Grootrivier (of liewers 'n tak daarvan, waarskynlik die Khubelu). Al langs die rivier af is hulle agter beeste aan wat die kaffers in hulle vlug agtergelaat het. Party beeste het die kaffers doodgesteek maar altesame het die twaalftal 1200 (twaalfhonderd) afgeneem. Die vierde dag eers het hulle in die laer teruggekeer, waar almal reeds gedink het dat hulle vermoor was. Daar bo op die berg moes hulle die nagte in die bitter koue deurmaak sonder brandstof behalwe vet wat vir hulle 'n vuurtjie aan die lewe moes hou.

Elkeen van die twaalf man het 'n klompie beeste gekry maar die res het die Goewerment gevat. Die oorlog was nou ook oor want Witsie het in Molappo se gebied ingevlug.

## HOOFSTUK VII.

## VRIEND VAN DIE PRESIDENT.

Moeilikhede met die kaffers het nie lank op hulle laat wag nie. Intussen het daar egter ander moeilikhede ontstaan waarin Fick ook sy rol gespeel het. Soos ons reeds gesien het, het die Vrystaters besluit om hulle land te regeer volgens die Amerikaanse model. 'n President moes aan die hoof geplaas word, maar waar kon nou 'n geskikte



Komdt. Paul Fick, wat kommandant was by Molappo en later gedurende die Engelse Oorlog in Suid-Afrika.

man gekry word? Die enigste leier wat almal sou erken het in 1851, was Andries Pretorius, maar in 1852 het hy die Vryheidshelde in die steek gelaat en nou was hy ook besig sy nuwe huis in orde te bring oorkant die Vaal. 'n Sekere Snyman het toe by die oorname die presidentskap tydelik waargeneem totdat 'n geskikte man sou gekry word. By Jammerbergsdrif was toe 'n geleerde man, Josias Hoffman. Hy sou miskien net die man wees wat vrede met die Basoetoes kon bewerkstellig

in hierdie tyd waarin die gevaar van die Basoetoes dreigend was. Om die rede is hy gekies tot die waardige amp, maar sy vriendskap vir sy ou vriend was te groot na die sienswyse van die Boere. Toe hy 'n ploeg, 'n vaatjie kruit en dergelike dinge aan Mosjes as presente gee, merk hulle dat so'n vriendskap vir die Vrystaat te duur te staan sou kom.

Hoffman word toe gevra om sy betrekking neer te lê, maar hy weier. Daarop word kommandant Fick kennis gegee om die mense op te kommandeer. Met 1200 man is Fick toe na Bloemfontein en marseer op na die fort. Die sleutels van die Residensie word opgeëis maar Hoffman weier om hulle af te gee. Fick laat toe dadelik die kanonne opstel om op die huis te skiet en die dreigement was genoeg om Hoffman tot oorgawe te dwing.

Koos Venter, 'n lid van die Uitvoerende Raad, is toe tot Waarnemende President aangestel. Hy was 'n eienaardige figuur wat altyd 'n kort baatjie gedra het tot die al heeltemal verslyt en verbleik was. Sy vriende, o.a. komdt. Fick het toe vir hom 'n manel gekoop en present gegee om by plegtige geleenthede aan te trek.*

Die volgende president was Jacobus Boshof, die regterhand van die Republiek van Natal tot 1842. Hy was nou nog in Natal woonagtig en Fick onderneem om hom te laat haal. Hy stuur sy oudste seun Paul met twee waens om sy trek oor te bring. Ook as president van die Vrystaat was Boshof sonder blaam en hy het baie goeie wette gemaak. Sy ampsjare was egter nie sonder moeilikhede nie. Dit was in sy tyd dat Marthinus Wessel Pretorius, vergesel van Marthinus Goets, onverwags op Bloemfontein sy verskyning maak om aanspraak te maak op die Vrystaat as erfenis van sy oorlede vader Andries Pretorius. Hy het so'n astrante en parmantige houding ingeneem dat Pres. Boshof hom 24 uur gegee het om die dorp te verlaat. Hy is toe terug Transvaal-toe maar om gou daarna met vyf honderd man die Vrystaat binne te ruk. In haas het Pres. Boshof die burgers opgekommandeer en meer dan duisend man het die Transvalers by Rhenosterrivier tegemoet getrek. Hier was komdt. Fick en sy oudste seun ook weer teenwoordig. Die seun Paul was nie gekommandeer nie maar vir betaling van 50 skape

het hy in die plek van 'n sekere v. d. Merwe gegaan. Die twee kommandos, wat elkeen 'n kanon gehad het, was so na aan mekaar gekampeer dat hulle met mekaar kon praat. Toe die Transvalers, wat onder Pres. Pretorius en komdt. Paul Kruger was, mooi in gelid staan om aan te val word „ou Grietjie" op die „oskanon" van die Transvalers gestel. Sodra ou Grietjie lostrek, moes almal skiet, was die bevel. Net voor hulle skiet egter, ja komdt. Kruger tussen hulle in om vrede te maak

Intussen is daar ook mense na Mosjes gestuur om die Basoetoes op te maak teen die Vrystaters. By hulle was daar ook 'n Vrystater, Karel Geer. *Sie verder oor Venter „Oude Tyden in den Oranje Vrystaat" bdsy. 74.
Komdt. Skutte van die Vrystaat het orders gekry om die mense te vang op hulle terugkoms. Toe Skutte gewaar, was hulle reeds by hom verby en hy stuur toe tyding na die hooflaer, en komdt. Bester word toe belas met die taak om die kêrels te vang, wat hom geluk het. Die Transvalers is oorgegee aan die Transvaalse regering, maar Geer is na Winburg vervoer as prisonier. Die hof het omtrent 'n week lank sitting gehou en gedurende die tyd het 'n klompie burgers, wat vir die doel gekommandeer was, wag gehou by die tronk, o.a. ook Paul Fick. Geer se hele famielie het ook by die tronk kom tente opslaan en daarom moes nog sekuurder wag gehou word. Die doodvonnis is op hom uitgespreek, maar memories is geteken en die doodvonnis is verander in tronkstraf. Later is ander memories weer opgetrek en as gevolg daarvan is hy vrygesit.

## HOOFSTUK VIII.

## WEER AFGESONDER.

Die Kaffers was nog altyd baie astrant na hulle oorwinning oor Cathcart, en Witsie se oorlog het hulle nie afgeskrik nie. Hulle het nou verre togte in die Vrystaat in gemaak en het nou stalle oopgebreek en die mense se perde geroof. So erg het dit toe gegaan dat die Volksraad in 1858 besluit het om 'n kommando uit te stuur om die geroofde vee terug te haal. Winburg en Kroonstad se kom-

mando was onder komdt. Freek Senekal, wat van 1851 af al veel vertroue by die burgers gewen het. Komdt. Fick was weens 'n siekte onder sy beeste nie instaat om op kommando te gaan nie en het soos so baie ander die oorlog ook nie goedgekeur nie. Hy het daarna Kroonstad-toe getrek om onder die bereik van die kaffers uit te kom. Hierdie afsondering was dus heeltemal om ander redes as die van 1851; want hy en sy seun het by Witsieshoek, by Rhenosterrivier en by ander plekke weer hulle louere teruggewen.

Ná komdt. Senekal in aanraking gekom het met die kommandos van Smithfield en Bloemfontein, is hy tot komdt-generaal gekies. Hulle het ingetrek tot by Morija, Mohaleshoek en Thaba Bosiu en het omtrent 800 beeste en 1200 skape geneem sonder dat hulle een man verloor het.

Twee kommandante, die van Bloemfontein en Fauresmith, het by Thaba Bosiu geweier om langer te veg onder Pres. Boshof. Hulle was aanhangers van Pretorius en het huis-toe gegaan. Die kommando wat agtergebly het was net 500 man sterk en was toe verplig om terug te trek. Pres. Boshof het toe met Mosjes onderhandel, wat toegestem het om sir George Grey, die Goewerneur van die Kaap Kolonie, as bemiddelaar te erken. Sir G. Grey het by Smithfield 'n stuk grond Sewefontein as Vrystaats gebied verklaar waarmee die Basoetoes nie in hulle skik was nie. Hulle het die grens van sir G. Grey dan ook nie lank ontsien nie, sodat die Boere in die Vrystaat maar nog gedurig in onveiligheid geleef het, en nog dikwels met al hulle vee en hawe moes vlug na die binneland-toe.

Baie mense het hulle plase op die grens vergoed verlaat sodat Fick in 1864 'n memorie by die Volksraad ingedien het om vryskelding van „recognie"-belasting vir sekere mense wat nooit hulle plase geokkupeer het nie en het vryskelding gekry vir drie agtereenvolgende jare.

In 1864 het Pres. Brand aan bewind van sake gekom in die Vrystaat. Sy hele strewe was om vrede met die kaffers te bewaar. Daarom het hy wette gemaak om te belet dat daar van die kant van die Vrystaat aanleiding sou gegee word tot wrywing of onenigheid. Ook het hy onderhandel met Mosjes en sy toestemming skriftelik

verkry dat sir Philip Wodehouse as bemiddelaar die grenslyn sou kom bepaal.

'n Kommissie is in die Volksraad aangestel om saam met die Goewerneur te gaan. Ook is 1200 man opgekommandeer en hulle moes twee twee langs mekaar ry te perd om die grens oop te trap n.l. van Sikonyelashoed (in Ficksburg distrik) na Lotspilaar, Goewerneurkop af na K.B. Baken (Kaffer-Biddulph Baken) in Excelsior distrik. Van Sikonyelashoed af op het die lyn geloop na Rooiberg en daarvandaan na die Caledonrivier by die plaas Groendraai. Van K.B. Baken af, af na Klipplaatdrif aan Groot Vetrivier.

Die lyn soos dit destyds oopgetrap is, is vandag nog sigbaar van Sikonyelashoed na Lotspilaar. Die hele lyn is egter nie so oopgetrap nie, maar wagte is op die grense geplaas.

By hierdie geleentheid het mnr Jan Celliers, later Volksraadslid vir Ficksburg distrik, voor gery om die pad af te pyl. Komdt. Fick het sir Philip Wodehouse vergesel te perd, terwyl die vervoer van mev. Wodehouse toevertrou was aan Paul Fick, wat van 1850 af Veldkornet was. Hy moes in 'n spider met mev. Wodehouse ry en hy het sterk herinneringe oorgehou van haar liefde vir blommetjies en insektetjies; want kort-kort moes hy stilhou om haar nuuskierigheid te bevredig. By Goewerneurskop het die President die Goewerneur ontmoet en dit was daar ook dat Pres. Brand Molappo ernstig aangespreek en gesê het: „Jy wil oorlog hê maar jy sal sien die volgende oorlog sal die laaste wees." Dit wil sê dat Pres. Brand alles in sy vermoë gedoen het om vrede te bewaar, maar as die kaffers nie wil nie, was hy klaar om hulle goed te straf.

## HOOFSTUK IX.

## KOMMANDANT-GENERAAL.

NIETEENSTAANDE al die voorbehoedmiddels en voorsorgmaatreëls, kon die vrede nie bewaar bly nie, eenvoudig omdat die kaffers nie net so versigtig was as die witmense nie. Waarskynlik het hulle ook hierdie maatreëls weer beskou as soveel bewyse dat die Boere vir hulle bang was.

Sir Philip Wodehouse het van hulle geëis dat die kaffers wat nog ten weste van die getrapte lyn was voor November 1864 moes teruggetrek word. Mosjes het die saak voor 'n pitso van sy seuns en ander hoofde gelê, wat teen terugtrek was, maar om nie by die Britse Regering in 'n slegte reuk te kom nie, het Mosjes hulle geraai om vir die skyn die kaffers te laat terugkom. Om egter nie heeltemal die vat op die grond te verloor nie, het die vrouens en kinders met die horingvee teruggetrek, terwyl die kaffers met die perde agtergebly het. Voor die einde van die jaar het Ramanella, die neef en skoonseun van Mosjes, by Bethlehem 'n inval gemaak, groot verwoestinge aangerig en groot buit gemaak. Ook op die suidwestelike grens is diefstal op 'n groot skaal voortgesit, wat almal bewyse is dat die Basoetoes gesoek het na oorlog.

Paulus Mopeli se stad Mabolella, was nie ver van die grens af nie in die teenswoordige Clocolan distrik. Orals op die grense het die President wagte geplaas om die grens te beskerm en oortreders terug te drywe. Sonder rede het Paulus Mopeli, 'n broer van Mosjes, twee van die wagte n.l. Cornelius van Rooyen en Michiel Muller op Vrystaatse gebied laat gevange neem en na sy stad vervoer as prisoniers, waar hulle 'n paar dae as sulks gehou is. Dit was 'n growwe oortreding van vredeswette en President Brand het 'n ultimatum aan die kaptein gestuur en 50 beeste geëis as boete vir die oortreding. As ons hierdie geringe boete vergelyk by die wat Sir G. Cathcart in 1852 geëis het, dan blyk ook hierin die begeerte van President Brand om vrede te bewaar. Hy het egter, voor die ultimatum gestuur is, die burgers opgeroep en onder kommandante op die grense geplaas. As hoofkommandant van die Winburg-kommando was kommandant Fick teenoor Mopeli gekampeer.

By die aankoms van die ultimatum was verskeie Basoetoe-kapteins by Mopeli aanwesig, o.a. ook Masoepa, die bloeddorstige en krygslustige seun van Mosjes. Sy raad was, dat aangesien die beeste wat hulle in 1858 gevat het reeds gedaan

was, hulle maar bly kan wees as daar weer oorlog kom. Die antwoord op die ultimatum was dan ook 'n uitdaging vir die Boere.

Volgens wet moes die komdt-generaal gekies word deur die offisiere in die veld. Vir die doel het President Brand hulle bymekaar geroep op mnr Adriaan Eksteen se plaas. Daar is gekies die vrind van die President, Johan Fick, wat ook die vertroue van die manskappe gehad het.

President Brand en genl. Fick vorm dan ook 'n geskikte paar om 'n stadsaal te versier, soos hulle portrette doen op Ficksburg vanaf 1920.

## DIE SLAG VAN MABOLELLA.

Die dag na die verkiesing het 'n kommando van 850 burgers onder opperbevel van genl. Fick, met Komdte. Roos, de Villiers, Fourie, Malan, Joubert, Wessels, Wepener en Bester as leiers van die afdelinge, die grens oorgetrek na Mopeli se stad. Kapt. Goodman van die staatsartillerie het toesig gehad oor die twee veldstukke, terwyl komdt. Fourie belas was met die verdediging van die kamp wat net 'n halfuur te perd van die berg Mabolella geleë was.

Genl. Fick het die kommandante in die volgende orde laat optrek: Komdt. Louis Wessels (van Bloemfontein) suid van die berg waar hy teen Masoepa se mag gekom het; komdt. Paul Bester (van Winburg, later landdros van Harrismith) aan die noordekant waar hy met Molitsaan, die broer van Mosjes, te doen gekry het. Dit was in hierdie afdeling waar die enigste ongeval plaasgevind het. Piet Wessels het n.l. gesneuwel op die plaas wat vandag die naam van Wesselsval dra in aandenking van die gebeurtenis. Komdt. Roos moes van die ooste sy aanval, terwyl komdt. Malan opdrag gekry het om die hoë spitse van die berg te neem.

Toe die geveg hewig was, en die oorwinning gemaklik skyn vir die Boere, storm Molappo met sy mag tussen die aanvallers en die Boerelaer in om die af te sny. Komdt. Fourie het hom egter dapper geweer en Malan het gou teruggetrek om die vyand daar op die vlug te ja na Mopeli reeds geretireer het. By hierdie stadium egter maak 'n talryke mag uit Mopeli se stad 'n hewige aan-

val aan die weste kant. Kapt. Goodman was egter te veel vir hulle en die aanval word dadelik op 'n ander punt gewaag. Ook daarheen word die kanonne in galopmars gebring, en so word ook die aanval afgeslaan.

Ofskoon die getal dooies aan die kant van die Basoetoes op 70 of 80 geskat is, het die komdt.-generaal dit goed gedink in die middag laat om in goeie orde terug te trek. Hierdie geveg het openbaar (1) dat die Vrystaat nie te doen gehad het met een kafferhoof nie, maar met die hele Basoetoeland, (2) dat derhalwe die manskappe in die veld te min was, (3) dat die Vrystaat ver-troubare offisiere het, wat die manskappe vertroue inboesem. Later het die president gewag gemaak in die Volksraad van die dapperheid aan die dag gelê o.a. deur komdt. Louw Wepener, (Bethulie). Hy het ondervinding opgedoen in die Kafferoorloë op die oostelike grens, waar hy gewoon het tot 'n paar jaar tevore. Hy was dan ook van opienie dat Mabolella moes geneem word al kos dit veel. Ofskoon daar sowat tien duisend kaffers aanwesig was, wou hy die volgende dag met omtrent honderd vrywilligers uit die ander afdelings en sy manskappe die berg beklim om die stad in te neem en also die burgers uit alle dele te bemoedig. Hy is egter in die krygsraad oorstem en so het Mopeli in besit gebly van sy vesting. Die geveg het plaasgevind op 14 Junie en kort daarna is die reeds vroeër beraamde invalle in die Vrystaat gemaak, wat miskien deur 'n besliste oorwinning by Mabolella sou afgeskrik geword het.

'n Ander merkwaardige feit wat hier aan die lig gekom het, was dat Europeane hulleself so kon verlaag om saam met die kaffers teen hulle eie witte ras te veg. Hier is naamlik een gewond wat 'n paar dae later oorlede is. Ook in later gevegte o.a. in Mohaleshoek was daar duidelike aanwysinge dat daar witmense in die laer van die Basoetoes was. Hulle was die Basoetoes veral behulpsaam in die vervaardiging van vuurwapens en ammuniesie, wat die lewe van menige blanke gekos het.

En nou, wat was eintlik die posiesie van genl. Fick as komdt-genl.? Soos ons reeds gesien het

was dit die krygsraad wat beslis het dat Maboleila te gevaarlik was om in te neem, en in hierdie krygsraad het hy een stem gehad wat gesmoor kon word deur die meerderheid. En wanneer die meerderheid teen hom gaan, was hy nogtans verplig om sy krygsbeleid in ooreenstemming te bring met hulle wense. Aan die ander kant is hy verantwoordelik aan die Volksraad wat hom bevele toestuur, m.a.w. die demokratiese beginsel het hom dikwels tussen twee vure geplaas. Boonop het hy te kampe gehad met die veelvuldige klagtes en versoeke van die kant van die burgers. Die een wou van „oom Jan" verlof hê om sy vrou te gaan sien en 'n ander wou weet of „oom Jan" nie iets het om aan sy perd se rug te smeer nie.

Genl. Fick het geweet hoe om gehoorsaamheid af te dwing, maar hy het ook 'n hart gehad vir elke burger en daarom is hy soveel te meer lastig geval. Veral die verlofstorie het die offisiere se lewe soms bitter gemaak.

## HOOFSTUK X.

## DIE INVAL IN DIE VRYSTAAT.

President Brand wat ook aanwesig was by die geveg van Mabolella, wou na wat hy gesien het oorlog verklaar teen die hele Basoetoeland, en hiertoe moes hy verlof kry van die Uitvoerende Raad. Selfs teen die oortredende barbare wou hy die eer van die beskawing handhaaf deur volgens wet te handel. Maar die eer het hom veel gekos. Terwyl hy op weg was na Bloemfontein verneem hy van die inval wat die Basoetoes gemaak het in Smithfield en Bloemfontein distrikte. Hy stuur toe dadelik na genl. Fick om met versterking daarheen op te ruk.

Die komdt.-generaal het dadelik die laer onder bevel van komdt. de Villiers agtergelaat met komdte. Malan en Bester en trek met komdte. Roos, Wessels en Fourie op na Bloemfontein. Intussen het ook Masoepa en Mopeli 'n inval gemaak sover as Brandfort waar hulle op 27 Junie 51 basters by Rietspruit vermoor na hulle vriendskaplik met hulle saam geeët het. Die ou meide en kinders is agtergelaat terwyl die opgegroeide

meide op 'n wa gelaai en mee gevoer is. Die volgende dag het hulle ook ou ryk mnr Jan Botes, sy seun en die skoolmeester, Schwim, vermoor, en nog ses ander burgers.

## DIE SLAG VAN LEEUWSPRUIT.

Op weg na Bloemfontein en toe die kommando Leeuwspruit deurgaan, gewaar hulle 'n aansienlike aantal spore van 'n kafferkommando. Veldkornet van Zyl word toe dadelik op verkenning uitgestuur. Van komdt. Wessels wat twee dae tevore na sy wyk gestuur is, kom nou 'n rapport dat die plase daar amper almal verbrand is. die teenswoordige dorpie Verkeerdevlei. Hulle was Met twee ure son nog kampeer die hooflaer digby nog nie klaar nie toe hulle skote hoor. Dit was komdt. Wessels wat op sy terugkeer die kommando van Mopeli en Masoepa, wat ook op hulle terugtog was, ontmoet het. Komdte. Roos en Fourie het te hulp gesnel en 'n geveg het plaasgevind, wat weer nuwe moed aan die burgers gegee het. Tot dusver het hulle hul verbeel dat hulle nie sonder 'n kanon kon veg nie. In hierdie geveg waar 250 burgers teen omtrent 2,500 Basoetoes gekant was, was 'n kanon nie te kry nie. Die uitslag was dat sonder die verlies van 'n enkele burger daar 120 kaffers gedood is en 30 perde. As buit is geneem 50 perde, 2032 beeste, 70,000 skape en vier waens. Die geveg het plaasgevind op 30 Junie en die buit is daar by Verkeerdevlei 'n paar dae later gemaak.

Aan hierdie geveg het ook deelgeneem (komdt?) Fraser met 'n klompie Engelse vrywilligers wat hulle knap gedra het. Hierdie vrywilligers het later as 'n afsonderlike korps goeie dienste gedoen onder leiding van komdte. Websters, Hengers en ander.

Intussen het komdt. Louw Wepener die kaffers uit Smithfield distrik terug gedryf en die berg Vegkop vier myl van Zastron, waar die berugte perdediefhoof Poshuli sy vesting gehad het, bestorm met veel sukses.

Dit was egter nie genoeg dat kaffers teruggedryf is nie, hulle moes deeglik gestraf word. By Leeuwspruit besluit die krygsraad op 2 Julie om 442 man agter te laat om die grens te beskerm

en dan met 600 man 'n inval te maak. John Nunn Eagle word deur genl. Fick benoem tot kommissaris-generaal om prowiesie en vrywilligers na die laer aan te voer.

Van Leeuspruit trek die kommando toe op wes van Korannasberg, deur Molitsaan se krale, en by Mekwatlingsnek proklameer genl. Fick die hele gebied van Molitsaan Vrystaats gebied.

In die noorde het Ramanella, n' berugte rowerkaptein, 'n inval in Harrismith distrik gemaak en op 29 Junie vyf Transvaalse burgers, namelik Pieter, Jan, Albertus en Koos Pretoruis en Andries Smit, vermoor terwyl hulle op tog was van Natal na die Transvaal, terwyl komdt. C. de Villiers se vee geroof is en sy broer David lig gewond. Hierdie moord op Transvaalse burgers het die Transvalers in die harnas geja en 'n leër is gestuur onder komdt. Paul Kruger vergesel deur President Pretorius om die Vrystaters te hulp te kom en wraak te neem op die Basoetoes.

Komdt.-genl. Fick het aan die ander kant van Mekwatlingsnek weer met komdt de Villiers in aanraking gekom en op 17 Julie het hulle die stad van Mopeli bestorm en nou daarin geslaag om Mabolella te verower. Al die Basoetoes is nou oor die Caledon gedryf en op 20 Julie is die kommando bokant Ladybrand by 'n gemaakte drif die Caledon oor met omtrent honderd waens. Die 21ste is hulle die Putiatsani deur en voor hulle had hulle die Cathcartsberg, waar die kaffers voorheen die Engelse generaal uitoorlê het, en waar hulle nou in duisende versamel het om ook die Boere kleingeld te maak. Masoepa se stad was hier op die berg en was die sterk vesting op weg na Thaba Bosiu. Terwyl die kommando op die 22ste voorttrek in verskillende afdelings onder komdte. Wessels, Joubert, Bester, Roos, Senekal, Malan en Fourie, word daar honderde en honderde geweerskote op hulle gelos van uit die kranse op die flank, terwyl twee veldstukke vanaf die berg op hulle lostrek. Daar was ruim vyf duisend Basoetoes op die berg aangevoer deur die dappere Masoepa en Molappo. Die komdt.-generaal se bevel was egter om die berg te bestorm. Van krans tot krans het dit gegaan en elke kaffer wat hom vertoon is neergeskiet. Toe hulle bo-op kom, het

hulle die kanonne bestorm en die kaffers het in wanorde op vlug gegaan en hulle kanonne en baie perde in die hande van die Boere gelaat. Een honderd lyke is daar getel, terwyl aan die kant van die Boere net een liggewonde was.

Bo-op die berg het die Boere gekamp terwyl al die kaffers in aftog was na Thaba Bosiu. Dieselfde aand nog het hulle die Vrystaatse twee kanonne, die Armstrong en Whitworth, gestel om op Thaba Bosiu te skiet. Een koeël van die Armstrong en vier van die Whitworth het Mosjes se huis geraak. Dit was die Boeresaluut wat na alle waarskynlikheid 'n koue rilling by die opperhoof veroorsaak het. Hier op die berg het ses honderd Barolongs onder Sepinare, die aangenome seun van Maroko, by genl. Fick as bondgenote aangesluit. In die suide het Jan Letelle dieselfde gedoen en die Boere was later verplig om hulle te beskerm sodat hulle miskien meer 'n las as 'n hulp was. As vyande egter sou hulle die lewe suur kon gemaak het vir die handjievol burgers en hulle vroue en kinders.

Aan die kant van Thaba Bosiu was Masoepa se berg steil af, maar die krygsraad het besluit om die laaste vesting van die Basoetoes te bedreig en daarom moes die kommando met sy honderd waens en vier kanonne daar af. Die oggend van die 26ste het 1100 man begin met 'n pad te maak met ligters en die aand was alles gereed vir die aftog wat die volgende dag plaasgevind het.

---

## HOOFSTUK XI.

---

## THABA BOSIU BELEER—LOUW WEPENER SNEUWEL.

---

OP 14 Julie reeds het komdt. Wepener Vegkop, 'n ander Basoetoe vesting, in die suide verower. Op 25 Julie het die geveg op Masoepa se berg plaasgevind sodat genl. Fick se kommando by 27 Julie reeds by Thaba Bosiu laer getrek het. Louw Wepener wou nou die hoek of kloof Gorra-Gorra bestorm maar het nie genoeg manskappe gehad nie. Daarom stuur hy om hulp na die komdt.-generaal. Veldkornet Paul Fick is toe met 'n groot perde-kommande daarheen. Wepener trek

toe van onder af in en Fick van boaf. Toe die son ondergaan, was hulle in besit van die hoek na 'n baie hewige geveg. Die kaffers was ook goed met gewere voorsien wat hulle bekom het in stryd met die beloftes wat die Engelse gemaak het by die Bloemfontein Konvensie. Die Boere het die dag 115 waens verower maar sewe waens het bly staan op 'n plek waar die kaffers te hewig geskiet het. Toe veldkornet Fick die volgende oggend by die waens kom, vind hy Swartkopsout en handdoeke, wat vir hom 'n klare bewys was dat daar Engelse saam met die kaffers geveg het. Op die ander waens was kos en huisraad. Al die verowerde waens en ander buit is van Thaba Bosiu af Bloemfontein-toe gestuur en die gewondes is meegestuur.

Komdt. Wepener het nou met sy kommando gehelp in die beleëring van Thaba Bosiu. Na 'n paar dae (8 Augustus) het die krygsraad besluit dat komdt Wepener met behulp van die kanonne die kop ten suide in besit moes neem. Die kaffers het so geskiet dat die eerste dag se aanval 'n mislukking was. Ses mense is lig gewond met gewere en klippe en een kaffer swaar gewond. Gevolglik besluit die krygsraad dat hulle nie weer die berg sou storm nie, maar net beeste sou afneem.

Om die toestand duidelik te maak, sal 'n kort beskrywing van die berg hier van pas wees. Natuurlik moet niemand dink dat die berg, wat gewoonlik as 'n ontoeganklike rotsvesting voorgestel word, juis wat wonders is nie. As 'n mens die bergformasie by Ficksburg en Ladybrand ken, dan kan jy jou die vorm van Thaba Bosiu voorstel. Hy is omtrent 300 voet hoog waarvan die boonste kwart uit 'n rotsmuur bestaan. Net drie voetpaadjies verskaf toegang tot die plat oppervlakte op die berg, wat omtrent 75 morge beslaan. Die voetpaadjies was met gestawelde klipmuurtjies verskans. By die rif waar Wepener geval het was 'n paar sulke muurtjies, een hoër as die ander. Bo-op die berg was duisende kaffers vergader en hulle het ook duisende beeste daar versamel, sodat byna die hele oppervlakte daarmee beslaan moes gewees het. Deur honger gedryf het die beeste die kranse afgeval en by hope dood gelê

onder die kranse sodat dit later 'n vreeslike stank versprei het. Baie beeste het egter lewend na onder gekom en daarom het die krygsraad op 15 Augustus besluit om om die berg te trek en al die beeste in besit te neem. Wepener moes regs om en genl. Fick self links om. 'n Sendingstasie is geleë links aan die voet van die berg. Voor genl. Fick die Sendingstasie bereik, laat Wepener weet dat hulle die berg moes aanval, want daar was geen kaffers nie. Genl. Fick laat egter terug weet dat Wepener sy bevele moes uitvoer. Laasgenoemde, wat hom nie maklik van sy voorgenome planne laat afpraat het nie, kom nou self aangeja en ook sy adjudant en ander offisiere. Hulle hou toe krygsraad en besluit dat Wepener met sy mensee die berg sou beklim. Die kanonne moes deur die sloot gebring word wat tussen die berg en die laer was. Die komdt.-generaal moes self by die kanonne bly terwyl veldkornet Fick met 'n klompie jongmanne die sloot moes inneem wat regs van die pi van die berg afkom. Die Vrywilligerkorps moes by die Sendingstasie wag hou dat die kaffers nie miskien links om die berg kom nie. Wepener het baie Winburgers by hom gehad.

Toe hulle halfpad was begin die kaffers wat verskans was van alle kante te skiet en party gooi met klippe. Deur sy onverskrokkenheid, was Wepener op die voorpunt en hy het maar vertrou dat sy mense hom sou volg.

Eers is Raubenheimer, 'n Kolonialer, doodgeskiet, toe 'n baster met die naam van Scholtz. 'n Ou Pieterse is swaar gewond en komdt. Wessels is met 'n klip neergevel, maar nog klim Wepener daar voor en die ander mense volg hom onder die reën van die koeëls wat van alle kante van die kloof kom. Wepener klim met sy roer in sy regterhand; nou bereik hy die skans en vat sy geweer oor in sy linkerhand om met sy regter die skans plat te trek. So woes het koeëls en klippe gereën dat daar onder in die sloot 'n versigtige Hollander, Henneman, dit nie gewaag het om sy kop uit te steek nie en sy roer maar in die lug aftrek met die uitroep „Mog 't maar treffen." En daar staan Wepener in die stortbui van koeëls regop, vol moed, want die triomftog is byna voleind. Dog net toe hy die skans wou

platruk tref 'n koeël hom, wat hom op die skans van die vyand laat neerstort.

Toe Wepener val het almal teruggevlug, en die kaffers het agterna gestorm. Volgens Paul Fick, het die kaffers Wepener se klere uitgetrek en sy papiere geneem, maar die lyk is dieselfde dag nog afgebring en by die laer begrawe waar dit later weer opgegrawe is. Dit moet egter foutief wees omdat later 'n deputasie na Mosjes gestuur is om die lyk van Wepener te kry. Dit word ook vertel dat die kaffers sy hart uitgesny het. Hy het 'n eredood gesterf en 'n groot plek in die hart van die nasie verower. President Brand het dan ook in die Volksraad gewys op sy heldedade by Vegkop, Letsea se stad, en by ander geleenthede. Die Vrystaat het met sy dood 'n groot verlies gely. Die verlies van so'n man wat sy lewe feil gehad het vir sy land het veral baie getel in 'n tyd toe daar so baie onwilliges was. Genl. Senekal het in 1858 die taak moes opgee omdat die mense hulle eenvoudig nie aan sy bevele gesteur het nie, en huis-toe gegaan het sonder verlof. Genl. Fick het dieselfde moeilikheid ondervind, dat manskappe sowel as offisiere soms geweier het om sy bevele uit te voer. Die meeste werk moes maar deur vrywilligers gedaan word.

Maar selfs die vrywilligers wat saam met Wepener sou gaan, het hom in die steek gelaat toe hy vooruit klim. En toe genl. Fick van die kanonne ry om hulle aan te spoor en weer terug-ry, is die nuus gou versprei dat die komdt-generaal vlug, en dit was rede genoeg vir hulle om ook te vlug.

Die kommando het 27 dae om die berg gelê en in die tyd het Pres. Brand tweemaal die laer kom besoek omdat Mosjes onderhandel het om vrede, maar elke slag geweier het om die voorwaardes van die Boere aan te neem. Eindelik het die stank so erg geword dat die dokter gevrees het vir koors. Daarop is toe besluit om die beleg op te gee en die kommando weer te verdeel. Komdt Smit, wat in die plek van Wepener gekies is, sou dan in Basoetoeland afwerk en die komdt-generaal het na Molappo toe opgetrek.



Die Vrystaatse Kommandante in die Anglo-Boeroorlog. Die een met die kruisie gemerk is Komdt. Paul Fick. Die portret is in die begin van die oorlog in 1899 te Bloemfontein geneem.

## HOOFSTUK XII.

## DIE TRANSVALERS OP DIE TONEEL.

Met die moord van die Transvaalse burgers in Harrismith distrik, het Ramanella vir die Vrystaat 'n bondgenoot besorg. Oorlog is teen die Basoetoes verklaar en 'n kommando onder komdt.-generaal Paul Kruger is uitgestuur en President Pretorius het self die kommando vergesel. Hulle het verlof gevra van die Vrystaatse Regering om deur Vrystaatsgebied te trek en dit is ooreengekom dat hulle saam met die Vrystaatse komdt.-genl. sou opereer. Die kommando het langs die Basoetoegrens afgetrek, om sodoende die Basoetoes skade aan te doen waar moontlik. Hulle was egter onversigtig toe hulle nie juis met die vyand in aanraking kom nie. Die Basoetoes was egter op die loer en op 29 September het hulle in die nag 'n aanval op die laer gemaak by Noupoort. Ses Transvalers is gedood en nege gewond voordat hulle hulself kon weer. In die geveg wat toe gevolg het, het hulle darem vyftig Basoetoes gedood.

Genl. Paul Kruger wou toe ook die grond waar hulle die kaffers verjaag het Transvaalsgebied proklameer, maar genl. Fick het objekteer en gesê, as hulle proklameer moet hulle ook okkupeer.

Op 6 Oktober het die twee komdt.-generaals mekaar by Generaalsnek ontmoet, vandaar die naam. Daar het hulle besluit om saam Molappo se stad, waar Jonathan se stad nou nog is, aan te val. Die Transvalers was 585 man en die Vrystaters 753. Vir so'n sterk kommando het Molappo geskrik. Hy het sy stad aan brand gesteek en gevlug. Ook het hy sy graan in mandjies begrawe maar die Boere het dit ontdek en uitgegrawe.

Op 27 September reeds het genl. Fick al die grond ten weste van die volgende lyn Vrystaatsgebied verklaar, n.l. van waar die Imposanie in die Caledon loop, al met die Caledon af tot 3 myl ten ooste van Letsea se nuwe stad, vandaar in 'n regte lyn tot aan Bamboesplaas ten ooste van Pampoenspruit. Dit sluit in die grond van Paulus Mopeli, Clocolan, Molitsani, Excelsior, Carolus Baatjie, Ladybrand.

Nou op 6 Oktober proklameer hy verder die grond van Molappo, Ramanella ens., n.l. van Mount-aux-Sources af met die Drakensberg tot by die oorsprong van die Putiatsane en met Putiatsane tot aan die Caledon. Molappo het toe 'n paar maande later ingestem om hierdie stuk grond aan die Vrystaat af te staan.

Die Transvaalse en Vrystaatse kommando's is op 9 Oktober oor die Caledon getrek afsonderlik, maar in verbinding met mekaar. Hulle het suid getrek tot aan Masoepa se stad waar die Transvalers byna oorrompel was, maar gered was deur die tydige opdaging van genl. Fick se kommando. Genl. Kruger was altyd sigbaar want hy het op 'n blou perd gery. Baie van sy manskappe was egter sonder perde omdat die perde langs die pad van die Transvaal af dood is. Ander was maar in 'n betreurenswaardige toestand, sodat dit geen wonder was dat hulle veel gewaag het om ryperde in die hande te kry. By een geleentheid het dit die lewe van twee man gekos. Hulle het n.l by 'n koppie oos van Ficksburg twee perde onder 'n krans gesien staan en in die poging om hulle te bekom is hulle vermoor. Die koppie dra van dié gebeurtenis af die naam van Moordkoppie.

Op 13 Oktober het die twee kommando's weer by Kommandonek teruggekeer met 335 perde 3258 beeste en 8110 skape. Die buit is verdeel volgens verhouding van die getal manskappe wat elkeen in die veld gehad het. Die Transvalers se aandeel was toe 146 perde, 1424 beeste en 3546 skape. Dit is dus nie nodig om te sê dat hulle nie nodig gehad het om terug te stap nie.

Van Kommandonek af is die Transvalers na Bethlehem se kant en genl. Fick se kommando het oor die nek bokant die stasie na Appelkooskop getrek. So het die nek die naam gekry: Ou Appelkoos het aan die stam van Sinkonyella behoort en het omtrent vyf-en-sewentig volgelinge gehad, wat tesame 700 skape en 850 beeste gehad het. Appelkoos en Makiet, die twee hoofde, het versoek om as vredekaffers beskou te word, en dan die beskerming van die Republiek te geniet. Genl. Fick het dit aan hulle toegestaan.

Tyding het nou gekom van die haaglike toestande wat heers by Harrismith en President Brand

het genl. Fick opdrag gegee om self na Witsieshoek te gaan om dinge te ondersoek. Daar was reeds sommige families heeltemal geruïneer deur die kafferstrooptogte, maar genl. Fick het nie veel werk gekry nie. Hy het net aanbeveel om die noodlydendes tegemoet te kom, wat kort daarna gedoen is deurdat 600 beeste hulle toegestuur is.

Die generaals het besluit om weer gesamenlik af te trek tot by Mosjes. Pres. Pretorius wou ook graag vir Pres. Brand ontmoet.

Op 25 Oktober is by Cathcartsdrif—die plek waar die kaffers nog altyd gemeen het waar geluk hulle sou begunstig soos in 1852—weer 'n slag gelewer en 700 perde, 7944 beeste en 4150 skape is buitgemaak. Die Transvalers is daarna weer noordwaarts en op 30 Oktober skrywe genl. Kruger aan genl. Fick dat hy terugtrek Transvaal-toe, omdat sy mense sonder klere is en omdat hulle oes ryp staan op die land. Hy hoop egter om later weer 'n kommando te bring as dit nodig blyk. Daarom wil hy graag in kommunikasie bly.

Dit was nie erg na die sin van die Vrystaters nie wat dieselfde behoeftes gevoel het, maar daar was niks aan te doen nie. Behalwe die buit wat die Transvalers afsonderlik gemaak het, was hulle aandeel van die verdeelde buit 434 perde, 4397 beeste, en 5688 skape. Hulle was dus genoegsaam beloon vir hulle moeite.

Nieteenstaande die belofte van genl. Kruger het die Transvalers nie weer hulle verskyning gemaak nie, en van nou af moes die Vrystaters weer die hele spit afbyt. Dit was 'n moeilike taak vir die klein klompie mense, wat reeds soveel maande in die veld was. Daar die kaffers hulle ook nou nie meer kans gegee het vir groot gevegte nie, het die roepstem van die huis of liewer van vrou en familie al sterker geword en die mense het met of sonder verlof die kommando's verlaat. In kort dieselfde toestande het geheers, wat daar was in die Engelse oorlog na die slag van Perdeberg.

Daar die reëns ook nou so erg geword het dat die riviere onpassabel was, het komdt. Roos die voorstel gemaak dat die kammando ontbind moet word vir 'n tyd en net wagte van 150 man

op die grense van elke distrik sou gehou word. Onder omstandighede was die moeilikheid nog om genoeg manskappe te kry vir die wagte.

## HOOFSTUK XIII.

## DIE KOMDT.-GENERAAL BESKULDIG.

Die kaffers het baie gou gebruik gemaak van die kans wat die aflossing van die burgers hulle verskaf het. Terwyl genl. Fick op 14 November met sy manskappe na Witsieshoek optrek, word komdt. Roos, wat met net 130 man by Korannaberg gestasioneer was, vroeg op die 15de deur 'n groot massa kaffers aangeval. Die enigste hulp wat verkrygbaar was, was komdt. Webster van die vrywilligerkorps. Hy was by Thaba 'Nchu gestasioneer en het dadelik met 150 Barolongs en sy vrywilligers opgetrek. Hy was egter te laat, en vier burgers het die lewe ingeskiet in die aanval, terwyl die kaffers een span osse en 71 van komdt. Roos se perde buitgemaak het. Ook het die kaffers sekere transportryers by hulle waens vermoor. Onder hulle was daar vrywilligers en dit is opmerklik dat by een wa 'n Hollander, 'n Duitser en 'n Engelsman die lewe vir die Vrystaatse vryheid ingeskiet het. By 'n ander wa is vier man vermoor.

Ook by Kommandonek het op 18 November 'n kommando kaffers die Caledon deurgetrek en 'n aanval gemaak op die vredekaffers, Maliet en Appelkoos en het 11 kaffers gedood en twaalf honderd stuks vee geroof. Die regerings wat hulle moes beskerm, kon dit nie doen nie en het hulle toe verlof gegee om hulle famielies en besittings na Kroonstad in te neem maar al die weerbare burgers moes terugkeer om militêre diens te doen. Ook verder suid het die kaffers oor die grens aanvalle gemaak en onder die omstandighede het Pres. Brand 'n spesiale poging gemaak om 'n groot leër op die been te bring. Die burgers het ook, noudat hulle 'n tydjie by vrou en kinders was, genoeg patriotisme besit om gehoor te gee aan die oproep van die President.

Komdt.-genl. Fick het die kaffers teruggedryf uit Korannaberg en Viervoet en het op 5 Desem-

ber 'n aanval gemaak op Platberg waar baie kaffers gekonsentreer was. Op die berg het die kaffers nie veel teenstand gebied nie, en 782 beeste, 990 skape en 95 perde het in die hande van die Vrystaters geval. Die kaffers het egter hulle ou taktiek gevolg van hinderlaag lê, en 'n lokaas stel. Die baie vee was die lokaas. By die afkom van die berg langs 'n nou voetpaadjie word Christiaan de Jager, 'n Natalse vrywilliger, se bene altwee afgeskiet, en aan die voet van die berg word 450 man deur ruim 3000 kaffers omring. Hier moes die burgers die hewigste geveg van die oorlog deurmaak. Bestorminge van alle kante het 'n hele paar uur lank voortgeduur totdat genl. Fick om 3 uur n.m. besluit om terug te trek met die gewondes na die laer naby Mabolella.

Drie dae later (8 Desember) is 'n aanval gemaak op Olocolanberg waar die seun van Molitsane hom bevind het op weg om die Vrystaat in te trek. Hy was teruggedryf met een ongeval aan die kant van die burgers, n.l. H. Geldenhuizen wat lig gewond was aan die voet van die berg.

Op 17 Desember het genl. Fick weer met 'n groot mag van 880 man en twee kanonne onder artillerie kapt. Goodman die Caledon deurgetrek en 'n aanval gemaak op Cathcartsberg waar tussen 'n duisend en twaalf honderd kaffers vergader was. Aan die aanval het deelgeneem: Kommandante Bester, Wessels, Swart, van Niekerk, Vilonel, Dreyer en art.-kapt. Goodman, terwyl komdt. Roos in die laer agtergebly het. Die bestorming was so geweldig dat die kaffers dadelik op vlug geslaan het en die burgers min kans vir veg gegee het. Die krygsraad besluit daarna om Sondagnag Berea berg af te trek sodat hulle teen dagbreek aan die voet van Thaba Bosiu kon wees. Maar die nag daar deurgebring was so bitter koud en nat dat hulle hulle besluit verander het en somar dadelik na die laer teruggetrek het. Selfs in Desember kan die koue van Basoetoland soms so ongenadig wees op die vreemde indringer, en dit was nog nie die laaste koue en nattigheid wat die burgers daar deurgemaak het nie; erger sou nog kom.

Intussen is die krygsoperasies in die suide ook met sukses bekroon en komdt. Webster het veral

groot dienste bewys met sy vrywilligers. Morosi is op vlug geja en het oor die Oranje Rivier na die ooste gevlug en Lebenya het na die suide getrek en hom aan die Koloniale Regering oorgegee.

Krismis is in laer naby die Putiatsani deurgebring en toe was daar 1,198 man in die laer behalwe die gekleurdes. Maar Krismis en Nuwejaar is die tyd wanneer elkeen na sy huis verlang en so was dit ook hier. Weer soos in November het die manskappe 'n monster petiesie geteken om op verlof te gaan en waar die geweier is, het hulle sonder verlof gegaan, sodat op oujaarsdag daar net nog 349 man in laer gebly het. Die klompie was verplig om terug te trek in die Vrystaat in. Al die kommandante en veldkornette rapporteer dieselfde n.l. dat hulle manskappe hulle verlaat. Die dissipliene kon nie gehandhaaf word nie, selfs die besluite van die Uitvoerende Raad teen sulke verwerping van gesag het 'n dooie letter gebly en hulle het maar op 6 Januarie weer 'n algemene oproep gemaak.

Hierdie tyd moes komdt-generaal Fick verantwoording doen van sekere klagtes wat teen hom ingebring was n.l.:

(1) Dat hy nie vir genoeg doppies gesorg het nie. Sy antwoord was dat hy op tyd sy rekwisiesie ingestuur het maar dat vertraging op Winburg geskied het.

(2) Dat hy nie met komdt. Wepener saamgewerk het nie (by Thaba Bosiu) en dat hy teen die bestorming van die berg was.

Sy antwoord was dat hy wel vir die bestorming was, maar dat die krygsraad hom oorstem het, en uit sy verklaring blyk duidelik dat daar nie sprake kan wees dat hy nie saamgewerk het nie. Sy onskuld blyk ook uit sy antwoord op no. 3 n.l. dat hy beeste vir homself toegeëien het.

Hy is dan ook onskuldig verklaar op al drie punte deur die Uitvoerende Raad. Later in Mei 1867 het die krygsraad weer, in opdrag van die Uitvoerende Raad, die komdt.-generaal in verhoor geneem. Merriman, toe landmeter, en ander het n.l. die beskuldiging teen die komdt.-generaal na die Uitvoerende Raad gestuur dat hy in die geveg by Platberg twee Boesmans laat doodskiet het na hulle oorgegee het. By die verhoor is genl. Fick on

skuldig gevind, omdat Henneman 'n Hollander die Boesmans doodgeskiet het sonder orders van enig iemand en selfs sonder die wete van genl. Fick. Die saak het daar doodgeloop en Henneman is ook nie gestraf nie.

## HOOFSTUK XIV.

## DIE SEHONGHONG VELDTOG.

Dit spreek vanself dat die kaffers, wat nou net 'n soort van guerilla-oorlog gevoer het, van elke swakheid van die Vrystaatse kommando gebruik gemaak het om hulle vyand skade te berokken. Die Krismisverlof het dus as gevolg gehad dat die Basoetoes die Vrystaat binne geruk het en op 9 Januarie 'n aanval op Winburg gemaak het. Hulle het alle beeste en perde wat hulle in hande kon kry weggevoer. Genl. Fick, wat in die distrik gestasioneer was, het hulle agternagesit tot by Korannaberg en weer al die beeste en skape teruggeneem, maar 50 perde het in hulle besit gebly. Die laer is toe nog verder teruggesit tot by Matthys Wessels se plaas en net 'n wag van 25 man is by die dorp Winburg gelaat.

Hierdie aanval het gemaak dat die burgers gehoor gegee het aan die oproep van die Uitvoerende Raad om op 26 Januarie weer te veld te trek. Intussen is die kaffers reeds van uit Winburg distrik tot oor die Caledon teruggedryf en veral hoof-komdt. L. Wessels se tog op 17 Januarie, is meldenswaardig. Hy het van Mensvretersberg (naby Excelsior) getrek deur Modderpoort, Cathcartsdrif, by Tiemiesberg en Bereaberg verby en het teruggekeer met 39 perde en 30 bokke na hy 27 uur weg was. Dit was 'n harde skof vir 'n perdekommando.

Op 24 Januarie het komdt. C. de Villiers roem behaal met sy oorwinning oor drie of vier duisend kaffers wat 'n aanval op die dorp Bethlehem gemaak het. Een burger en een skaapwagter is vermoor en twee burgers lig gewond, terwyl daar 200 kaffers gedood is en 225 perde met saals gevat is, asook enige geweers. Dit was knap gedaan want die burger-kommando het maar bestaan uit 125 burgers en 150 kaffers.

Nadat die burgers in groot getalle weer opgekom het, het komdt.-generaal Fick vir die soveelste maal besluit om nog 'n maal die Lesuto binne te ruk by Modderpoort verby na Masoepa se stad. Maar hierdie keer het hy 'n groter onderneming gewaag as ooit tevore. Hy besluit n.l. om die Sehonghong in te trek. Ter verklaring moet gesê word dat die deel voor die kettingberge (Maluties) Lesuto genoem word terwyl die berge self Sehonghong heet. Vanwaar die kettings begin lê hulle aanmekaar geskakel tot aan Griekwaland Oos en die Natal grens. As jy dus eenmaal bo op die berge kom, bly jy bo of teen die hange of langs die riviere tot jy weer voor af kom. Om bo op te kom, beteken ook 'n tog van amper n' hele dag.

Op 19 Februarie is die tog aanvaar oor die berge en agter tussen hulle op, waarskynlik langs die Sikunyane Rivier op tot regoor Ficksburg waar hulle op 2 Maart weer die berge afgekom het. Die tog het betaal want 2722 beeste 3500 skape en 184 perde is buitgemaak terwyl 30 kaffers gedood is. Hulle het ook die kaffers, wat hulle self daar agter veilig gewaan het, groot skrik op die lyf gejaag. Die meeste het toe vir die eerste maal wit mense onder oog gekry, want hulle was gestasioneer by die veeposte waar die beeste en skape heen gestuur word terwyl die mielies op die lande in die Lesuto staan, en nou waarskynlik, terwille van die oorlog, vir die hele jaar. Vir baie burgers was die sluier nou ook voor die oë weggeneem, en hulle kon hulle verbeelding met die werklikheid vergelyk. Maar die ontberinge was groot. Dit was die reënseisoen en die nat pad is daar teen die berge met sy skuins voetpaadjies alles behalwe gewens. Die turf bring dan ook menige ruiter met perd en al teen die grond. Verder is brandstof uiters skaars, wat 'n mens juis nie verwag nie en dan ook nie voorsorg voor maak nie. Die reën maak dan nog die beesmis ook ongeskik om as sulks te dien. Die gevolg is dat 'n mens dikwels sonder iets warms te nuttig jou na jou skuins bed begewe. En dan die koue, wat soms in die somer so skerp kan word, saam met die skuinste, gun jou geen rus nie. Dit was dan ook geen wonder dat die burgers met blydskap die Vrystaat in die verte aanskou het as die land Kanaan toe hulle op 1

Maart weer voor op die Maluties verskyn. Menige burger het dan ook aan genl. Fick verklaar dat hy hom nie weer daar agter die berge sou kry nie.

Hoe dit ook sy, die tog het 'n groot indruk en vrees by die Basoetoes opgewek. Toe die kommando op 2 Maart aan die voet van Moordkoppie verby kom met die menigte vee, het net hier en daar kaffers van Molappo probeer om hulle te molesteer. Die res het gesidder en twee dae later het Molappo na genl. Fick gestuur om vrede te vra. Die generaal se antwoord was dat hy dadelik 150 beeste seun as gyselaar, dan kon onderhaldel word. Hy sou ook die President vir die doel laat kom.

Die toestand was dan ook werklik haaglik vir die kaffers, want rapporte het gekom dat die klein kaffertjies by Molappo se magies reeds moes ingebind word om die honger te stil. Die stronke van mielies het hulle tot voedsel gedien.

## HOOFSTUK XV.

## DIE VREDE VAN IMPERANIE.

MOLAPPO het die 150 beeste gestuur en die Uitvoerende Raad het hulle eise aan hom toegestuur. Voor hy die President kon ontmoet moes hy egter eers sy heemrade oortuig dat die tyd vir vrede aangebreek het. Hy wou toe graag komdt. Bester en adj-genl. Bosch hê om teenwoordig te wees. Komdt. Bester het egter nie 'n kaffer vertrou nie en wou nie gaan nie.

Genl. Fick het daarop sy seun Paul gestuur en Fanie Jacobs het vrywillig meegegaan. Hulle sou terselfdertyd gyselaars wees as waarborg vir die wapenstilstand, terwyl Jonathan en Joël, seuns van Molappa, gyselaars was by die Boere. Toe hulle by Moordkoppie onder die berg kom, word hulle perde afgeneem en hulle word by 'n lelike voetpad uitgelei by 'n kanon verby. Bo is hulle in 'n huis gebring en goeie kos gegee. Maar 'n wag is om hulle gesit. Dit was maar 'n benoude nag en die twee het nooit geslaap nie. Die nag moes daar ook rapporte uitgestuur gewees het, want die volgende môre vroeg vergader die kommando's almal goed gewapen rondom hulle en sing en dans dat dit 'n naarheid was. Dit was heeltemal natuurlik dat

## Tydens die Basoetoe-Oorlog.



Komdt. en mev. P Fick met hulle dogter Sannie, wat toe twaalf jaar oud was.

Sannie was al twee maande oud toe haar vader haar die eerste maal gesien het, want sy was gebore tydens die Basoetoe-Oorlog, terwyl hy op diens was. Sy is later getroud met mnr Hentie van Niekerk. Haar twee dogters is mev. Mike van Rooyen, van Clocolan, en mev. Inspekteur de Vos, van die Transvaal. Onlangs het sy haar twede man, mnr. Doon Bender, op Clocolan begrawe.

hulle onder die omstandighede aan die moord van Piet Retief gedink het.

Terwyl die kaffers nog so tekere gaan, gee Molappo meteens 'n harde fluit en alles was doodstil. Nou begin hy hulle toe te spreek en oor te haal tot vrede. Die dans was blykbaar maar 'n vertoning om vrees in te boesem by die twee wit mans. Molappo wys sy mense op wat die Boere reeds gedoen het en sê: „Jannie Fickie sal julle nog swaar straf as julle nie nou ingee nie." Nog 'n kaptein het 'n toespraak gemaak en na 'n paar besware geopper en beantwoord is, word voorbereidsels gemaak om na die Boerelaer te gaan. By die kop was daar ook 1500 beeste wat hy die nag laat bymekaar maak het. Molappo was nou in 'n manel en pluiskyl gekleed en was vergesel van vyftig raadslede en van die twee wit gyselaars.

Die terrein waar die vrede gesluit is, was by die twee pannetjies waas die Ficksburgse Munisipaliteit onlangs plotte verkoop het. Die kommando was aan die Vrystaatse kant gestasioneer. Die Caledonrivier maak daar 'n draai en vorm 'n skiereiland in Basoetoeland se kant. Op die skiereiland was 'n groot tent opgeslaan en alkante in die walle het genl. Fick 100 gewapende mans versteek wat tegelyk uitkom toe Molappo en sy gevolg die skiereiland inkom. As hy geslaag het om die oggend vrees by sy wit gyselaars in te boesem, nog beter het genl. Fick geslaag om hom op hierdie manier wit te laat word. Ook President Brand wat die vorige dag met die Uitvoerende Raad daar aangekom het, het reguit op hom afgestap en sonder om sy kuiergas van vroeër (Fick) of iemand anders te groet, kyk hy Molappo stip in die oë en sê op barse toon: „Onthou jy die woorde wat ek vir jou gesê het by Goewerneurskop?" „Ja, ek vra om genade," antwoord Molappo. Daarop stap die President na die tent, maar in die deur kyk hy om en bespeur Sekelo, 'n kaffer wat Hollands, Engels en Sesoetoe glad kon praat en as Molappo se tolk gedien het. Maar hy was ook 'n berugte rower. Die President sê: „Is dit ook een van jou raadsmanne? Hy moet dadelik weg. Ek wil hom nie sien nie. Jy het met verraad Bloemfontein ingekom en ek wil jou nie sien nie." Toe hardloop Sekelo.

In die tent word toe vergadering gehou, solank die kommando-mense om die twee gyselaars vergader wat hulle ondervindinge oor en oor moes vertel. Hulle was nog besig met vertel toe presies om twaalfuur ou Grietjie lostrek as teken van vrede. Vyf-en-twintig skote is daarop afgeskiet. Molappo was nou Vrystaatse onderdaan en sy gebied ten noorde van die Putiatsanie Vrystaats gebied, terwyl hy nog twee duisend beeste moes betaal as boete. Hierdie vrede is op 26 Maart 1866 geteken en op 3 April het ook Mosjes by Thaba Bosiu beloof om drie duisend beeste as boete te betaal, Molappo as Vrystaatse onderdaan te erken en alle misdadigers uit te lewer. Dié vrede was tereg 'n oorsaak van blydskap vir die Vrystaatse burgers.

## HOOFSTUK XVI.

## PAUL FICK—KOMMANDANT VAN LERIBE.

In die suide het die oorlog nog voortgeduur en genl. Fick is na Korrannaberg om daar te veg. Terwyl hy daar was, stuur Molappo 'n versoek dat genl. Fick, komdt. Bester na hom moes stuur om hom te beskerm. Komdt. Bester het 'n kaffer nie vertrou nie en het geweier om te gaan. Die President vra toe vir Paul Fick en beloof dat die kommandant wat gaan £25 per maand sou kry en 'n uitsoekplaas. Hy sou gaan maar hy wou sy vrou en kinders laat kom, wat toe anderkant Winburg in laer was. Hy laat haar toe kom en ontmoet haar by Doringkop. Hier sien hy toe vir die eerste maal sy dogter Sannie. Die wêreld was nog vol hongerige kaffers, party gewapend. By Hammonia kom vyftig kaffers hom te gemoet te perd. Dit was die wag wat Molappo stuur om hom te vergesel.

Hulle trek toe tot by Paul-Ficksberg die plaas wat mnr Dan de Villiers, L.U.K., vandag bewoon aan Sinkonyelashoed, en laat sy vrou daar agter. Molappo het 'n wag daar by haar geplaas om haar te beskerm. Vir vyf maande het komdt. Paul Fick toe by Molappo aan tafel gaan eet, daar waar Jonathan nou bly. Sy werk was net om paste uit te gee in naam van die Vrystaatse Regering en

te belet dat witmense onnodig daar kom. Anderkant die Caledon is drie rye plase opgemeet onder toesig van genl Fick en ander; maar die is later teruggegee. Op Paul-Ficksberg is intussen 'n huis gebou, want dit was die plaas wat hy vir hom uitgesoek het op die belofte van die President. Na vyf maande kry hy 'n brief van die President dat die Volksraad weier om hom 'n plaas toe te ken. Hy bedank toe dadelik, gaan breek die huis af op Paul-Ficksberg en koop die plaas Sterkfontein aan Imperanie waar hy gebly het tot sy dood. behalwe toe die kaffers hom verdryf het en toe die Engelse in die Suid-Afrikaanse Oorlog hom na Basoetoeland gestuur het.

Paul Fick het die eer van Kommandant van Leribe verdien. Hy was elf maande op kommando as veldkornet en al die tyd was hy die regterhand van die komdt.-generaal wat hom stuur waar hy bang was om ander te stuur of waar ander weier om te gaan, soos destyds dikwels gebeur het. Gedurende die elf maande het hy net een keer 15 dae verlof gehad om sy vrou te gaan sien. Toe vrede op 26 Maart gemaak is, het hy dadelik applikasie gemaak vir 'n plaas in die verowerde gebied. Op 9 April het hy toe sy aanstelling gekry as Kommandant van Leribe, en sou toe die plaas verniet kry, maar moes op 9 Mei weer opnuut applikasie maak. By Molappo was sy vernaamste werk behalwe paste uitgee om uitspraak te gee in sake tussen kaffers en witmense en laasgenoemde te belet om Basoetoeland in te kom en kaffers te molesteer.

In September is hy daar weg maar reeds in Augustus het verskeie gerugte gekom van voorbereidings wat die kaffers maak om opnuut te spook. So skryf 'n sekere Engelsman Humphrey wat aan die Caledon gebly het, op 7 Augustus 1866, aan die President dat die kaffers gladnie meer onderdanig is nie; dat Mosjes, Dawid Masoepa, Letsië en ander 'n konferensie gehou het in Masoepa se stad; dat hulle aan die weste van die Caledon ploeë en dat Letsië Kiemiesberg en Boshuli, Tandjiesberg, in besit neem.

Paul Fick skryf op 14 Augustus dieselfde. Hy het gehoor hoe Letsië Kiemiesberg versterk en daar is gerugte dat Molappo se kaffers help.

'n Kommando is toe weer opgeroep en op die grens geplaas. Dit het Letsië skrik gemaak en hy protesteer toe, maar wou nie 'n gyselaar gee as waarborg dat die vrede sou gehandhaaf word nie.

Net na die vrede is die kommandante en generaals afgedank, en net benoem as kommandante van die verskillende distrikte. Genl. Fick is toe aangestel as kommandant van Winburg, maar op 20 Julie 1866 het hy bedank as sulks om rustig op sy plaas te gaan bly.

Na die rus weer verstoor is het hy egter weer aangeneem en sy seun Paul is weer as veldkornet benoem. Gedurende die vyf maande van verblyf in Leribe het laasgenoemde 'n troue vriendskapsband aangeknoop met Jonathan sowel as met Molappo. Maar terwyl Molappo nog altyd na genl. Fick opgesien het as sy raadgewer, was dit Jonathan wat vir komdt. Paul Fick dikwels geraadpleeg het en ook van sy kant dienste bewys het, soos sal blyk uit die volgende geval:

Die bedrywigheid van Letsië, Poshuli en ander hoofde is deur die Engelse veroorsaak, want sir P. Wodehouse het Mosjes aangeraai om die verowerde gebied weer te okkupeer. By Mequatling is kort daarna twee mans weer vermoor. 'n Ander uitdrywingsoorlog het toe gevolg waarin egter min van belang voorgeval het. Die vrouens en kinders en families het egter vir veiligheid in laer gaan staan by Appelkooskop. Hulle het Paul ook gewaarsku om laer-toe te kom, maar hy was te besig met die opbou van sy nuwe plaas, Sterkfontein. Hy het eers sy vrou en kinders in die laer gebring en gaan dan bedags op die plaas werk met 'n wag op die kop. Dit was egter te lastig om elke dag heen en weer te ry en hy bring toe weer sy familie plaas-toe nieteenstaande die waarskuwing van die burgers. Een Sondag oggend het hy vyf kaffers wat sy vee wou steel doodgeskiet kort by die huis. Toe besluit die Basoetoes om 'n kommando teen hom te stuur, maar Jonathan stuur 'n boodskapper en laat hom waarsku. Hy trek toe in haas weg en toe hy oor die berg trek, kom die kaffers op die berg uit. Die President het 'n gewapende wag van Bloemfontein afgestuur maar die wou nie nader as

Hammonia kom nie. Komdt. Fick vlug toe daarheen, maar die wag het die volgende dag weer teruggetrek en nou was hy verplig om na Appelkooskop te trek. Toe hulle hom daar spot, trek hy weer plaas-toe en het nog een aanval van sestien kaffers moes afweer.

## HOOFSTUK XVII.

## ENGELSE INTERVENSIE.

BY Bloemfontein Konvensie het die Engelse beloof om geen bondgenootskap aan te knoop met Inboorlingstamme ten noorde van die Oranje Rivier nie en vroeër verdrae almal vernietig behalwe die met Adam Kok. Ook het hulle die reg aan die Vrystaat toegestaan om wapens en ammuniesie in enige Britse kolonie aan te koop.

Sir Philip Wodehouse was egter 'n Imperialis wat graag Britse grondgebied in Suid-Afrika wou uitbrei. Hy het sy bes gedoen, reeds in vredestyd, om Basoetoeland onder Britse Bestuur te kry. Toe daar sprake was dat die Vrystaat oorlog sou verklaar in 1865 het hy hulle gedreig om die vroeër verdrae met die Vrystaat te verbreek, en toe oorlog werklik verklaar is nieteenstaande sy dreigemente het hy die aankoop en aanvoer van ammunisie uit die Kaap Kolonie na die Vrystaat belet, terwyl hy die toestuur van wapens en ammuniesie aan die Basoetoes magtig. Hy was ook ontevrede oor die Vrywilligerskorps wat onder Webster en Lainton gevorm was, waarin Britse onderdane deelgeneem het. Vergelyk in verband hiermee wat Majoor Hook skrywe in sy boek „With Sword and Statute" bdsy. 168: „Daar was baie Vrystaters van Engelse afkoms of werklik Britte soos die name Ward, Owen, Bowker, Poultney aantoon en ander wie se roem in die langdurige oorlog prominent uitgeblink het in die pers. Die twee nasionaliteite was in volkome harmonie in laer en in geveg waar hulle skouer aan skouer gedien het."

Dit was dan eerder rede om trots te wees oor die vooruitsigte wat dit vir die goeie verstandhouding van die twee rasse in Suid-Afrika ge-

lewer het. Maar nee, die Engelse Goewerneur het ander dinge voor oë gehad.

Toe sake 'n goeie wending begin neem vir die Vrystaat, nadat baie burgers geval het onder die deur Engelse verskafte geweers, en die landskuld van £42,000 in 1864 tot £130,000 in 1866 beloop het, raai hy die Britse Regering om Basoetoeland in te lyf. En toe die gunstige vrede in 18ɔ6 van die Basoetoes afgedwing is, het hy die Basoetoes aangeraai om nie die Verowerde Gronde te ontruim nie d.i. om ongehoorsaam te wees aan hul gegewe woord. As die kommando's hulle verdryf moes hulle maar wegtrek en weer intrek as die kommando's terugtrek. Ook beloof hy hulle ondersteuning met krygsvoorraad.

So is dit dat die oorlog eintlik nie geëindig is nie. Die kommando's het voortgegaan met verwoestinge aan te rig onder die besittinge van die Basoetoes sodat selfs sir Philip Wodehouse gevrees het vir 'n totale instorting van die Basoetoenasie, toe hy tog eindelik die toestemming van die Imperiale Regering verkry het tot inlywing van Mosjes se gebied. Nou kon geen uiteensetting van President Brand, wat wys op die moorde en diewerye van die kaffers, op die vroeër verdrae, op billikheid ens. ens., enige invloed op hom uitoefen nie. 'n Deputasie wat na Engeland gestuur is, het ook geen sukses gehad nie. Die Vrystaat was nou verplig terwille van selfbehoud om maar toe te gee; want die Britse Konsul by Bloemfontein is teruggeroep, 'n mag van vyf honderd man is van die oostelike grens af in Basoetoeland ingestuur tot by Gorra-Gorra waar arbitrasie oor die Basoetoegrens plaasgevind het. Goewerneur Keate van Natal was arbieter (sie "With Sword and Statute" bsy. 159). Teenwoordig was ook behalwe die Kaapse Goewerneur, 'n ander Imperialis, sir Theophilus Shepstone wat Keate uit Natal vergesel het. Die Keate-arbitrasie het op niks uitgeloop nie omdat die boere nie in sy grensbepaling wou instem nie en daarop is toe die volgende jaar 1869 by Aliwal Noord 'n Kovensie gehou waar die Vrystaatse afgevaardigdes, President Brand, Hamelberg en nog drie ander, verkry het dat die stuk grond aan die weste van die Caledonrivier Vrystaatse gebied word, terwyl sir Philip Wodehouse

graag die hele vroeër erkende Basoetoe gebied wou inlyf. Ook sou skadevergoeding betaal geword het aan die Vrystaat vir veediefstal ens., maar die Britse Regering wou hierin nie toestem nie.

Sir Philip Wodehouse het ook skriftelik erken dat deur hierdie intervensie die verdrag, in 1854 by Bloemfontein geteken, verbreek is.

Op die manier is die vrug van hulle arbeid die Vrystaatse burgers ontneem en hulle was die Britse Regering hoegenaamd nie dankbaar hiervoor nie. Maar dit was tog die einde van oorloë met die Basoetoes en toe die Engelse in 1880 die wrange vrugte moes pluk van die bewapening van die kaffers, het die Vrystaat streng neutraal gebly, behalwe dat hulle tog die Kaapse Vrywilliger Korps toegelaat het om in die Vrystaat op te trek na Leribe.

## HOOFSTUK XVIII.

## LAASTE JARE VAN GENL. FICK.

Dat by Aliwal Noord die Vrystaat die Verowerde gebied behou het, is nie te danke aan die grootmoedigheid van sir Philip Wodehouse nie; want as hy sy sin gekry het sou die Wardenlyn seker as grenslyn bepaal gewees het. Die feit is dat die President en Uitvoerende Raad gehandel het op petiesies van burgers en met alle spoed drie dorpe in die Verowerde Gebied laat stig het.

Op 12 Junie 1867 word op voorstel van die here Viljoen en Cloete besluit om 'n dorp te Manershoek te laat opmeet n.l. 200 erwe van 300 by 150 voet, n.l. Ladybrand.

Op 13 Junie word 'n memorie van Paul Fick en 67 ander behandel, en op voorstel van die here Cloete—Roux besluit om die plase Losberg, Rondedraai, Sikonyellashoed en Generaalsvlei uit te hou vir 'n dorp, en erwe te laat opmeet soos by Manershoek. Op voorstel van die here Hoefer—Klopper word besluit om die gronde deur die Staatspresident by Jammersdrif aangewys ook tot 'n dorp te laat opmeet, n.l. Wepener.

Op 27 Junie is toe tenders gevra vir die opmeet van 400! erwe in elk van die drie dorpe.

Maar omdat die werk moes bespoedig word sou elke dorp aan 'n afsonderlike landmeter toevertrou word. Hierdie bespoediging is natuurlik 'n teenmaatreël teen die advies deur die Engelse Goewerneur aan die Basoetoes gegee om grond te okkupeer sover moontlik. Die landmeters moes eers hulle tenders op 20 Julie indien maar reeds op 22 Junie is 'n oproep gedoen aan persone om applikasie te maak vir die erwe in die dorpe onder okkupasiewet, d.i. hulle sou net 10s per jaar betaal vir elke erf, maar hulle moes te alle tyde voorsien wees van 'n geweer, 200 koeëls, 5 pond kruit en

## DIE LAASTE WOONHUIS VAN GENL. FICK.



Hierdie kiekie is van Mnr. Dan. J. de Villiers, L.U.K. Hy deel die volgende besonderhede mee: „Die plaas (Generaal Fick) was in die leeftyd van wyle genl. J. Fick bekend as Paul Ficksberg. Na die Engelse oorlog het dit eiendom van 'n settelaar geword, en is toe gedoop en geregistreer as ‚Werlock Vale.' In 1918 het ek die plaas gekoop en die Registrateur van Aktes beweeg om die naam weer verander te kry. Ek het dit laat registreer as Generaal Fick ter ere van die ou generaal. Dis interessant om te weet dat President Reitz die ou generaal kort voor sy dood in hierdie woonhuis, wat nog op die plaas staan, besoek het."


500 doppies en hulle moes binne drie maande hulle erwe „omwal" met sooie, klippe of ander geskikte omheining.

So gou het dit gegaan dat terwyl die burgers met hulle famielies op Appelkooskop in laer gestaan het, landmeter v. d. Bosch, adj.-genl. onder genl. Fick, elke oggend met 'n gewapende eskort omtrent ag myl moes ry om die erwe by die dorp Ficksburg op te meet en saans moes hy weer veiligheidshalwe laer-toe terug ry. Onder die omstandighede was dit 'n wonder dat in Mei 1870 die Staatspresident by die opening van die Volksraad kon rapporteer dat op die dorp Ficksburg reeds 10 erwe ommuurd, beplant en besaai was en ses huise klaar, terwyl nog vier in aanbou was, en nog verskeie famielies daarheen trek.

Onder sulke omstandighede het die dorp wat na genl. Fick heet, tot stand gekom, want in die Volksraad vergadering van 22 Junie is besluit om genl. Fick hiermee te vereer, terwyl die dorp by Jammersdrif die naam van die dappere komdt. Wepener sou dra. Raadslede Schnehage en Harvey is verantwoordelik vir die naam Ladybrand.

Met die vrede van Aliwal-Noord het genl. Fick se militêre loopbaan ten einde geloop. Hy het sy plaas aan Sandrivier verkoop en die plaas Paul Ficksberg vir £60 gekoop. Hy het hom onttrek van die publieke lewe maar het nog nou en dan as voorspraak vir sy medeburgers opgetree. Toe Andries Olivier, wat 'n intieme vriend van sy seun Paul was, in haastigheid 'n kaffer doodgeskiet het, het hy en sy seun met hom saamgegaan na Winburg om alles aan die magistraat duidelik te maak. Ou Hartman, die magistraat, was 'n verkeerde ou en het die generaal gevloek. Die generaal was self baie haastig van aard en gee die ou 'n opstopper wat hom meer redelik gemaak het. By 'n ander geleentheid het hy ook in die hof 'n magistraat aan die keel gegryp.

In sy godsdiens was hy baie getrou; gereeld elke oggend voor hy uitgaan het hy eers sy Bybel geneem en huisgodsdiens gehou, 'n gewoonte wat sy kinders ook van hom geërf het. Op kommando het hy elke oggend godsdiens gehou en by Thaba Bosiu het die kaffers een aand 'n aanval gemaak,



Die graf van Genl. Fick op die ou plaas Paul Ficksberg, nou Generaal Fick. Die graf word nog gereeld in orde gehou deur Mnr. Dan. J. de Villiers, L.U.K.

terwyl hy besig was vir die hele kommando godsdiens te hou.

Drie jaar lank was hy ouderling van Ficksburg se gemeente en hy was op die boukommissie wat die eerste kerk op Ficksburg laat bou het. Voor die kerk klaar was het Ds. van Henningen van Winburg soms by hom op Paul Ficksberg of op ander plekke kerk gehou. Die predikant het baie van hom gehou al het hy nie baie lank in kerkdiens gebly nie. In sy later jare het hy doof geword, 'n erfnis wat hy ook aan sy seun Paul oorgelaat het. Hy het ook in die laaste jare so siekerig geword dat hy maar min van sy plaas gegaan het. In sy ses-en-sewentigste jaar 22 September 1892 is hy oorlede en op sy plaas begrawe waar sy graf vandag nog in orde gehou word deur die teenswoordige eienaar.

Hy het elf kinders gehad, waarvan ses seuns was n.l. Paul Hendrik, Hermanus, Johan I. J., Petrus, Coenraad Christiaan, en vyf dogters n.l. Susanna (mev. Pieterse), Elsie (mev. Nel), Magdalena (mev. Fourie), Catharina (mev. Prinsloo) en Anna (mev. van Rensburg). Oom Piet (Petrus) en oom Coenie is die eienaars van Bamboeshoek en Bamboesberg naby Generaalsnek.

Oom Paul, die Kommandant van Molappo, het 'n groot rol gespeel in die geskiedenis van Ficksburg. As veldkornet moes hy nog baie geskille uit die weg ruim en as daar iets van belang moes gedoen word in die distrik moes oom Paul maar na vore kom. Sy perdewa het nie alleen vir President Boshof uit Natal gaan haal nie, maar het ook die eerste predikant van Ficksburg, Ds. v. d. Wahl, by Durban gaan afhaal.

In die Engelse-Oorlog was hy weer as kommandant aangestel, maar omdat die jongbloed maar graag op die voorpunt wou wees is hy op die grens geplaas om paste uit te reik en om veldkornette aan te stel oor elke 25 man wat in die veld gaan. Sy laaste vier veldkornette is almal gewond of doodgeskiet. Toe wou hy nie langer stil lê nie, te meer omdat hy rumatiek gekry het. Hy het toe weggeloop Waterwerke-toe van Spitskop (Clocolan) af. Toe hy uitgevind word, stuur hulle hom terug. Hy het tog eindelik daarin geslaag om in die veld te kom. Net toe hulle op-

trek na Fouriesburg-toe besluit die burgers om 'n ander kommandant te kies omdat oom Paul te oud was na hulle sin. Dit was 'n belediging vir hom want hy het hulle nog altyd op 'n bekwame manier gelei. Sy seun Jan, wat veldkornet was, het ook bedank, en in hulle plekke was gekies, as kommandant Paul de Villiers, en as veldkornet Charles von Maltitz. Hulle was egter nie lank aan die hoof nie want 'n paar dae later het hulle saam met generaal Prinsloo oorgegee. Oom Paul is toe saam met die krygsgevangene geneem tot by Winburg. Daarvandaan is hy teruggestuur huis-toe omdat hy so oud was (62 jaar). Op sy plaas het hy egter weer sy geweer, wat hy vroeër in die dam gegooi het, begin regmaak om weer weg te loop. Die Engelse op die dorp het dit te hore gekom en het hom toe weggestuur Basoetoeland-toe waar hy moes bly tot na die oorlog. Tot 'n paar jaar voor sy dood was hy nog fris en gesond en kers-regop, en sy enigste swakheid was doofheid wat voor sy dood snel toegeneem het. Besoekers op Sterkfontein het hom in sy tagtiger jare dikwels met opgerolde broek besig gevind met waterlei. Of miskien was hy met ou Charlie, sy ou ryperd wat hom oorleef het, die berg uit. Daar op die stoep kon hulle egter aantref sy eggenote, swak en hulpeloos in 'n stootstoel onder die tere sorg van sy skoondogter, mev. Paul Fick. Met haar, 'n nooi Reyneke, het hy 'n lang egverbintenis gehad, en op die ou end het sy, bo verwagting, hom nog oorleef. Hulle kroos was talryk want reeds in 1920 was hulle kinders, kindskinders en agterkleinkinders 133 in getal.

Die laaste paar jaar van sy lewe het hy veel lyding deurgemaak. Eers het 'n skaafplekkie op sy skouer ontwikkel tot 'n wrede en kroniese seer en toe die eindelik gesond geword het, was oom Paul se kragte ingebreek.

Eindelik het hy beswyk aan die wrede siekte, „water," na n' langdurige siekbed, of liewer siekte, want in bed wou hy nie bly nie, maar moes elke dag uitgedra word. Almal wat hom in die siekte gesien het, getuig van die geduld en reusekrag wat daar in die ou man nog geskuil het.

Op 18 Desember 1925 is hy ter aarde gelê en 'n semi-militêre begrafnis aan hom gegee. Baie

was die getuienis van deelneming o.a. ook van Jonathan wat weens siekte 'n brief geskryf het en hom laat verteenwoordig het deur sy seun en 'n gevolg.

By hom in dieselfde kerkhof lê ook begrawe Andries Phafaolo, 'n getroue ou kaffer wat as sy agterryer in 1865-66 se oorlog hom bygestaan het deur dik en dun en in die Engelse-Oorlog sy vrou getrou opgepas het.

Sy oudste seun Jan, wat ook 'n staatmaker was in Ficksburg distrik, het hom vier jaar vooruitgegaan en sy jongste seun Paul is die vooruitstrewende boer op Sterkfontein waar sy moeder nog sy troue sorg geniet.



Komdt. Paul Fick en sy eggenote met wie hy 67 jaar getroud was, en sy jongste seun, Paul die enigste seun wat nog leef Mevr. Fick, sr woon by Mnr. Paul Fick, jr., op Sterkfontein distrik Ficksburg.

P64/379